

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
Markus 1	Mark 1
1:1 Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.	1:1 The beginning of the gospel of Jesus Christ, the Son of God;
1:2 Soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak—	1:2 As it is written in the prophets, Behold, I send my messenger before thy face, which shall prepare thy way before thee.
1:3 die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!	1:3 The voice of one crying in the wilderness, Prepare ye the way of the Lord, make his paths straight.
1:4 Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.	1:4 John did baptize in the wilderness, and preach the baptism of repentance for the remission of sins.
1:5 En die hele Joodse land en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaanrivier met belydenis van hulle sondes.	1:5 And there went out unto him all the land of Judaea, and they of Jerusalem, and were all baptized of him in the river of Jordan, confessing their sins.
1:6 En Johannes was gekleed met kameelhare en 'n leergord om sy heupe, en hy het sprinkane en wilde heuning geëet.	1:6 And John was clothed with camel's hair, and with a girdle of a skin about his loins; and he did eat locusts and wild honey;
1:7 En hy het gepreek en gesê: Hy wat sterker is as ek, kom ná my, en ek is nie waardig om neer te buk en sy skoenriem los te maak nie.	1:7 And preached, saying, There cometh one mightier than I after me, the latchet of whose shoes I am not worthy to stoop down and unloose.
1:8 Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees.	1:8 I indeed have baptized you with water: but he shall baptize you with the Holy Ghost.
1:9 En in daardie dae het Jesus van Násaret in Galiléa gekom en is deur Johannes in die Jordaan gedoop.	1:9 And it came to pass in those days, that Jesus came from Nazareth of Galilee, and was baptized of John in Jordan.
1:10 En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur en die Gees soos 'n duif op Hom neerdaal.	1:10 And straightway coming up out of the water, he saw the heavens opened, and the Spirit like a dove descending upon him:
1:11 En daar het 'n stem uit die hemele gekom: U is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.	1:11 And there came a voice from heaven, saying, Thou art my beloved Son, in whom I am well pleased.
1:12 En dadelik het die Gees Hom uitgedryf in die woestyn.	1:12 And immediately the spirit driveth him into the wilderness.
1:13 En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is; en Hy was saam met die wilde diere, en die engele het Hom gedien.	1:13 And he was there in the wilderness forty days, tempted of Satan; and was with the wild beasts; and the angels ministered unto him.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
1:14 En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig	1:14 Now after that John was put in prison, Jesus came into Galilee, preaching the gospel of the kingdom of God,
1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.	1:15 And saying, The time is fulfilled, and the kingdom of God is at hand: repent ye, and believe the gospel.
1:16 En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers.	1:16 Now as he walked by the sea of Galilee, he saw Simon and Andrew his brother casting a net into the sea: for they were fishers.
1:17 En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.	1:17 And Jesus said unto them, Come ye after me, and I will make you to become fishers of men.
1:18 En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg.	1:18 And straightway they forsook their nets, and followed him.
1:19 En toe Hy daarvandaan 'n bietjie verder gaan, sien Hy Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer, wat besig was om die nette in die skuit heel te maak.	1:19 And when he had gone a little farther thence, he saw James the son of Zebedee, and John his brother, who also were in the ship mending their nets.
1:20 En dadelik het Hy hulle geroep, en hulle het hul vader Sebedéüs met die gehuurde mense in die skuit laat staan en Hom gevolg.	1:20 And straightway he called them: and they left their father Zebedee in the ship with the hired servants, and went after him.
1:21 En hulle het in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer.	1:21 And they went into Capernaum; and straightway on the sabbath day he entered into the synagogue, and taught.
1:22 En hulle was verslae oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie.	1:22 And they were astonished at his doctrine: for he taught them as one that had authority, and not as the scribes.
1:23 En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het uitgeskreeu	1:23 And there was in their synagogue a man with an unclean spirit; and he cried out,
1:24 en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!	1:24 Saying, Let us alone; what have we to do with thee, thou Jesus of Nazareth? art thou come to destroy us? I know thee who thou art, the Holy One of God.
1:25 En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil en gaan uit hom uit!	1:25 And Jesus rebuked him, saying, Hold thy peace, and come out of him.
1:26 En die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met 'n groot stem geskreeu en uit hom uitgegaan.	1:26 And when the unclean spirit had torn him, and cried with a loud voice, he came out of him.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
1:27En almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vra en sê: Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?	1:27 And they were all amazed, insomuch that they questioned among themselves, saying, What thing is this? what new doctrine is this? for with authority commandeth he even the unclean spirits, and they do obey him.
1:28En die gerug aangaande Hom is dadelik versprei in die hele omtrek van Galiléa.	1:28 And immediately his fame spread abroad throughout all the region round about Galilee.
1:29En dadelik toe hulle uit die sinagoge uitgegaan het, kom hulle saam met Jakobus en Johannes in die huis van Simon en Andréas.	1:29 And forthwith, when they were come out of the synagogue, they entered into the house of Simon and Andrew, with James and John.
1:30En die skoonmoeder van Simon het siek gelê aan die koors; en dadelik het hulle Hom van haar gesê.	1:30 But Simon's wife's mother lay sick of a fever, and anon they tell him of her.
1:31Daarop gaan Hy na haar, neem haar hand en rig haar op, en dadelik het die koors haar verlaat, en sy het hulle bedien.	1:31 And he came and took her by the hand, and lifted her up; and immediately the fever left her, and she ministered unto them.
1:32En toe dit aand geword het en die son onder was, het hulle na Hom gebring almal wat ongesteld en van duiwels besete was.	1:32 And at even, when the sun did set, they brought unto him all that were diseased, and them that were possessed with devils.
1:33En die hele stad het by die deur saamgekom.	1:33 And all the city was gathered together at the door.
1:34En baie wat aan allerhande siektes gely het, het Hy gesond gemaak en baie duiwels uitgedryf en die duiwels nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle Hom geken het.	1:34 And he healed many that were sick of divers diseases, and cast out many devils; and suffered not the devils to speak, because they knew him.
1:35En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.	1:35 And in the morning, rising up a great while before day, he went out, and departed into a solitary place, and there prayed.
1:36En Simon en die wat by hom was, het Hom gevolg.	1:36 And Simon and they that were with him followed after him.
1:37En toe hulle Hom vind, sê hulle vir Hom: Almal soek U.	1:37 And when they had found him, they said unto him, All men seek for thee.
1:38En Hy sê vir hulle: Laat ons na die naburige dorpe gaan, sodat Ek ook daar kan preek; want daarvoor het Ek uitgegaan.	1:38 And he said unto them, Let us go into the next towns, that I may preach there also: for therefore came I forth.
1:39En Hy het die hele Galiléa deur in hulle sinagoges gepreek en die duiwels uitgedryf.	1:39 And he preached in their synagogues throughout all Galilee, and cast out devils.
1:40En daar kom 'n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U wil, kan U my reinig.	1:40 And there came a leper to him, beseeching him, and kneeling down to him, and saying unto him, If thou wilt, thou canst make me clean.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
1:41 En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig!	1:41 And Jesus, moved with compassion, put forth his hand, and touched him, and saith unto him, I will; be thou clean.
1:42 En toe Hy dit sê, het die melaatsheid hom dadelik verlaat, en hy is gereinig.	1:42 And as soon as he had spoken, immediately the leprosy departed from him, and he was cleansed.
1:43 En nadat Hy hom ernstig aangespreek het, stuur Hy hom dadelik weg	1:43 And he straightly charged him, and forthwith sent him away;
1:44 en sê vir hom: Pas op dat jy aan niemand iets vertel nie, maar gaan vertoon jou aan die priester en offer vir jou reiniging wat Moses voorgeskryf het, tot 'n getuienis vir hulle.	1:44 And saith unto him, See thou say nothing to any man: but go thy way, shew thyself to the priest, and offer for thy cleansing those things which Moses commanded, for a testimony unto them.
1:45 Maar hy het uitgegaan en begin om baie dinge rond te vertel en die saak rugbaar te maak, sodat Hy nie meer openlik in 'n stad kon ingaan nie; maar Hy was buite in verlate plekke, en hulle het van alle kante na Hom gekom.	1:45 But he went out, and began to publish it much, and to blaze abroad the matter, insomuch that Jesus could no more openly enter into the city, but was without in desert places: and they came to him from every quarter.
Markus 2	Mark 2
2:1 En ná 'n paar dae het Hy weer in Kapérnaüm gekom, en die mense het gehoor dat Hy in die huis was.	2:1 And again he entered into Capernaum after some days; and it was noised that he was in the house.
2:2 En dadelik het baie saamgekom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie; en Hy was besig om aan hulle die woord te verkondig.	2:2 And straightway many were gathered together, insomuch that there was no room to receive them, no, not so much as about the door: and he preached the word unto them.
2:3 En daar kom mense na Hom met 'n verlamde man wat deur vier gedra word.	2:3 And they come unto him, bringing one sick of the palsy, which was borne of four.
2:4 En toe hulle vanweë die skare nie naby Hom kon kom nie, maak hulle die dak oop waar Hy was, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak.	4 And when they could not come nigh unto him for the press, they uncovered the roof where he was: and when they had broken it up, they let down the bed wherein the sick of the palsy lay.
2:5 En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!	2:5 When Jesus saw their faith, he said unto the sick of the palsy, Son, thy sins be forgiven thee.
2:6 En sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en in hulle harte geredeneer:	2:6 But there was certain of the scribes sitting there, and reasoning in their hearts,
2:7 Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?	2:7 Why doth this man thus speak blasphemies? who can forgive sins but God only?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>2:8 En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte?</p>	<p>2:8 And immediately when Jesus perceived in his spirit that they so reasoned within themselves, he said unto them, Why reason ye these things in your hearts?</p>
<p>2:9 Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?</p>	<p>2:9 Whether is it easier to say to the sick of the palsy, Thy sins be forgiven thee; or to say, Arise, and take up thy bed, and walk?</p>
<p>2:10 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe—sê Hy vir die verlamde man:</p>	<p>2:10 But that ye may know that the Son of man hath power on earth to forgive sins, (he saith to the sick of the palsy,)</p>
<p>2:11 Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.</p>	<p>2:11 I say unto thee, Arise, and take up thy bed, and go thy way into thine house.</p>
<p>2:12 En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit, sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: So iets het ons nog nooit gesien nie!</p>	<p>2:12 And immediately he arose, took up the bed, and went forth before them all; insomuch that they were all amazed, and glorified God, saying, We never saw it on this fashion.</p>
<p>2:13 En Hy het weer uitgegaan langs die see, en die hele skare het na Hom gekom, en Hy het hulle geleer.</p>	<p>2:13 And he went forth again by the sea side; and all the multitude resorted unto him, and he taught them.</p>
<p>2:14 En toe Hy verbygaan, sien Hy Levi, die seun van Alféüs, by die tolhuis sit en sê vir hom: Volg My. En hy het opgestaan en Hom gevolg.</p>	<p>2:14 And as he passed by, he saw Levi the son of Alphaeus sitting at the receipt of custom, and said unto him, Follow me. And he arose and followed him.</p>
<p>2:15 En terwyl Hy in sy huis aan tafel was, kom daar baie tollenaars en sondaars saam met Jesus en sy dissipels aan tafel; want daar was baie, en hulle het Hom gevolg.</p>	<p>2:15 And it came to pass, that, as Jesus sat at meat in his house, many publicans and sinners sat also together with Jesus and his disciples: for there were many, and they followed him.</p>
<p>2:16 En toe die skrifgeleerdes en die Fariseërs Hom saam met die tollenaars en sondaars sien eet, sê hulle vir sy dissipels: Wat is dit dat Hy saam met die tollenaars en sondaars eet en drink?</p>	<p>2:16 And when the scribes and Pharisees saw him eat with publicans and sinners, they said unto his disciples, How is it that he eateth and drinketh with publicans and sinners?</p>
<p>2:17 En toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.</p>	<p>2:17 When Jesus heard it, he saith unto them, They that are whole have no need of the physician, but they that are sick: I came not to call the righteous, but sinners to repentance.</p>
<p>2:18 En die dissipels van Johannes en dié van die Fariseërs was besig om te vas. Toe kom hulle en sê vir Hom: Waarom vas die dissipels van Johannes en dié van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie?</p>	<p>2:18 And the disciples of John and of the Pharisees used to fast: and they come and say unto him, Why do the disciples of John and of the Pharisees fast, but thy disciples fast not?</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>2:19En Jesus sê vir hulle: Kan die bruielofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? So lank as hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.</p>	<p>2:19 And Jesus said unto them, Can the children of the bridechamber fast, while the bridegroom is with them? as long as they have the bridegroom with them, they cannot fast.</p>
<p>2:20Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas, in daardie dae.</p>	<p>2:20 But the days will come, when the bridegroom shall be taken away from them, and then shall they fast in those days.</p>
<p>2:21En niemand werk 'n nuwe stuk lap op 'n ou kleed nie; anders skeur sy nuwe aangelapte stuk van die oue af, en daar kom 'n erger skeur.</p>	<p>2:21 No man also seweth a piece of new cloth on an old garment: else the new piece that filled it up taketh away from the old, and the rent is made worse.</p>
<p>2:22En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke laat bars, en die wyn loop uit en die sakke vergaan. Maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word.</p>	<p>2:22 And no man putteth new wine into old bottles: else the new wine doth burst the bottles, and the wine is spilled, and the bottles will be marred: but new wine must be put into new bottles.</p>
<p>2:23En terwyl Hy op die sabbat deur die gesaaides loop, het sy dissipels al gaande are begin pluk.</p>	<p>2:23 And it came to pass, that he went through the corn fields on the sabbath day; and his disciples began, as they went, to pluck the ears of corn.</p>
<p>2:24Toe sê die Fariseërs vir Hom: Kyk, waarom doen hulle op die sabbat wat nie geoorloof is nie?</p>	<p>2:24 And the Pharisees said unto him, Behold, why do they on the sabbath day that which is not lawful?</p>
<p>2:25En Hy sê vir hulle: Het julle nooit gelees wat Dawid gedoen het nie—toe hy in die nood was, en hy en die wat by hom was, honger gehad het—</p>	<p>2:25 And he said unto them, Have ye never read what David did, when he had need, and was an hungred, he, and they that were with him?</p>
<p>2:26hoe hy in die huis van God gegaan het in die tyd van Abjatar, die hoëpriester, en die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof is om te eet nie; en ook aan die wat saam met hom was, gegee het?</p>	<p>2:26 How he went into the house of God in the days of Abiathar the high priest, and did eat the shewbread, which is not lawful to eat but for the priests, and gave also to them which were with him?</p>
<p>2:27En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.</p>	<p>2:27 And he said unto them, The sabbath was made for man, and not man for the sabbath:</p>
<p>2:28Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.</p>	<p>2:28 Therefore the Son of man is Lord also of the sabbath.</p>
<p>Markus 3</p>	<p>Mark 3</p>
<p>3:1 En Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was 'n man met 'n verdorde hand.</p>	<p>3:1 And he entered again into the synagogue; and there was a man there which had a withered hand.</p>
<p>3:2 En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aanklae.</p>	<p>3:2 And they watched him, whether he would heal him on the sabbath day; that they might accuse him.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
3:3 En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde.	3:3 And he saith unto the man which had the withered hand, Stand forth.
3:4 Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly.	3:4 And he saith unto them, Is it lawful to do good on the sabbath days, or to do evil? to save life, or to kill? But they held their peace.
3:5 En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een.	3:5 And when he had looked round about on them with anger, being grieved for the hardness of their hearts, he saith unto the man, Stretch forth thine hand. And he stretched it out: and his hand was restored whole as the other.
3:6 Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring.	3:6 And the Pharisees went forth, and straightway took counsel with the Herodians against him, how they might destroy him.
3:7 En Jesus het met sy dissipels teruggegaan na die see toe, en 'n groot menigte het Hom gevolg uit Galiléa en Judéa	3:7 But Jesus withdrew himself with his disciples to the sea: and a great multitude from Galilee followed him, and from Judaea,
3:8 en Jerusalem en Iduméa en van oorkant die Jordaan af. En die wat om Tirus en Sidon gewoon het, 'n groot menigte, het na Hom gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.	3:8 And from Jerusalem, and from Idumaea, and from beyond Jordan; and they about Tyre and Sidon, a great multitude, when they had heard what great things he did, came unto him.
3:9 En Hy het aan sy dissipels gesê dat 'n skuitjie altyd vir Hom moes klaar lê vanweë die skare, sodat hulle Hom nie miskien sou verdring nie.	3:9 And he spake to his disciples, that a small ship should wait on him because of the multitude, lest they should throng him.
3:10 Want Hy het baie gesond gemaak, sodat almal wat vol kwale was, op Hom toegeloop het om Hom aan te raak.	3:10 For he had healed many; insomuch that they pressed upon him for to touch him, as many as had plagues.
3:11 En elke keer as die onreine geeste Hom sien, het hulle voor Hom neergeval en geskreu en gesê: U is die Seun van God!	3:11 And unclean spirits, when they saw him, fell down before him, and cried, saying, Thou art the Son of God.
3:12 En Hy het hulle herhaaldelik streng gebied om Hom nie bekend te maak nie.	3:12 And he straitly charged them that they should not make him known.
3:13 En Hy het op die berg geklim en na Hom geroep die wat Hy wou hê, en hulle het na Hom gekom.	3:13 And he goeth up into a mountain, and calleth unto him whom he would: and they came unto him.
3:14 En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek	3:14 And he ordained twelve, that they should be with him, and that he might send them forth to preach,
3:15 en mag te hê om siektes te genees en die duiwels uit te dryf.	3:15 And to have power to heal sicknesses, and to cast out devils:
3:16 En aan Simon het Hy die bynaam Petrus gegee;	3:16 And Simon he surnamed Peter;

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
3:17en verder Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, die broer van Jakobus—aan hulle het Hy die bynaam Boanérges gegee, dit is, seuns van die donder—	3:17 And James the son of Zebedee, and John the brother of James; and he surnamed them Boanerges, which is, The sons of thunder:
3:18en Andréas en Filippus, en Bartholoméüs en Matthéüs, en Thomas en Jakobus, die seun van Alféüs, en Thaddéüs en Simon Kananítes,	3:18 And Andrew, and Philip, and Bartholomew, and Matthew, and Thomas, and James the son of Alphaeus, and Thaddaeus, and Simon the Canaanite,
3:19en Judas Iskáriot, hy wat Hom verraaí het.	3:19 And Judas Iscariot, which also betrayed him: and they went into an house.
3:20En hulle het in ‘n huis gegaan, en ‘n skare het weer saamgekom, sodat hulle selfs nie brood kon eet nie.	3:20 And the multitude cometh together again, so that they could not so much as eat bread.
3:21Toe sy mense dit hoor, gaan hulle uit om Hom in die hande te kry; want hulle het gesê: Hy is buite sy sinne.	3:21 And when his friends heard of it, they went out to lay hold on him: for they said, He is beside himself.
3:22En die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: Hy het Beëlsebul! en: Deur die owerste van die duiwels dryf Hy die duiwels uit.	3:22 And the scribes which came down from Jerusalem said, He hath Beelzebub, and by the prince of the devils casteth he out devils.
3:23En Hy het hulle na Hom geroep en vir hulle deur gelykenisse gesê: Hoe kan die Satan die Satan uitdryf?	3:23 And he called them unto him, and said unto them in parables, How can Satan cast out Satan?
3:24En as ‘n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;	3:24 And if a kingdom be divided against itself, that kingdom cannot stand.
3:25en as ‘n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie;	3:25 And if a house be divided against itself, that house cannot stand.
3:26en as die Satan teen homself opstaan en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar hy kom tot ‘n einde.	3:26 And if Satan rise up against himself, and be divided, he cannot stand, but hath an end.
3:27Niemand kan in die huis van ‘n sterk man ingaan en sy goed roof as hy nie eers die sterk man boei nie; en dan sal hy sy huis berowe.	3:27 No man can enter into a strong man's house, and spoil his goods, except he will first bind the strong man; and then he will spoil his house.
3:28Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het;	3:28 Verily I say unto you, All sins shall be forgiven unto the sons of men, and blasphemies wherewith soever they shall blaspheme:
3:29maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel—	3:29 But he that shall blaspheme against the Holy Ghost hath never forgiveness, but is in danger of eternal damnation.
3:30omdat hulle gesê het: Hy het ‘n onreine gees.	3:30 Because they said, He hath an unclean spirit.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
3:31 Sy broers en sy moeder het toe gekom, en terwyl hulle buite staan, stuur hulle na Hom om Hom te roep.	3:31 There came then his brethren and his mother, and, standing without, sent unto him, calling him.
3:32 En 'n skare het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: U moeder en u broers soek U daarbuite.	3:32 And the multitude sat about him, and they said unto him, Behold, thy mother and thy brethren without seek for thee.
3:33 En Hy antwoord hulle en sê: Wie is my moeder of my broers?	3:33 And he answered them, saying, Who is my mother, or my brethren?
3:34 En Hy kyk rond na die wat rondom Hom sit, en sê: Dáár is my moeder en my broers!	3:34 And he looked round about on them which sat about him, and said, Behold my mother and my brethren!
3:35 Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en moeder.	3:35 For whosoever shall do the will of God, the same is my brother, and my sister, and mother.
Markus 4	Mark 4
4:1 En Hy het nog 'n maal by die see begin leer; en 'n groot menigte het by Hom saamgekom, sodat Hy in die skuit geklim en op die see gaan sit het, en die hele skare was op die land by die see.	4:1 And he began again to teach by the sea side: and there was gathered unto him a great multitude, so that he entered into a ship, and sat in the sea; and the whole multitude was by the sea on the land.
4:2 En Hy het hulle baie dinge geleer deur gelykenisse en vir hulle in sy lering gesê:	4:2 And he taught them many things by parables, and said unto them in his doctrine,
4:3 Luister! 'n Saaier het uitgegaan om te saai.	4:3 Hearken; Behold, there went out a sower to sow:
4:4 En terwyl hy saai, het 'n deel langs die pad geval, en die voëls van die hemel het gekom en dit opgeëet.	4:4 And it came to pass, as he sowed, some fell by the way side, and the fowls of the air came and devoured it up.
4:5 En 'n ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar dit nie baie grond gehad het nie; en dadelik het dit opgekom, omdat dit geen diepte van grond gehad het nie.	4:5 And some fell on stony ground, where it had not much earth; and immediately it sprang up, because it had no depth of earth:
4:6 En toe die son opgaan, is dit verskroei; en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog.	4:6 But when the sun was up, it was scorched; and because it had no root, it withered away.
4:7 En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik; en dit het geen vrug opgelewer nie.	4:7 And some fell among thorns, and the thorns grew up, and choked it, and it yielded no fruit.
4:8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval, en dit het vrug opgelewer; want dit het opgekom, en gegroei, en dit het gedra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.	4:8 And other fell on good ground, and did yield fruit that sprang up and increased; and brought forth, some thirty, and some sixty, and some an hundred.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
4:9 En Hy sê vir hulle: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.	4:9 And he said unto them, He that hath ears to hear, let him hear.
4:10 En toe Hy alleen was, het die wat saam met die twaalf rondom Hom was, Hom na die gelykenis gevra.	4:10 And when he was alone, they that were about him with the twelve asked of him the parable.
4:11 En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse,	4:11 And he said unto them, Unto you it is given to know the mystery of the kingdom of God: but unto them that are without, all these things are done in parables:
4:12 sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie.	4:12 That seeing they may see, and not perceive; and hearing they may hear, and not understand; lest at any time they should be converted, and their sins should be forgiven them.
4:13 En Hy sê vir hulle: Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? En hoe sal julle al die gelykenisse verstaan?	4:13 And he said unto them, Know ye not this parable? and how then will ye know all parables?
4:14 Die saaiër saai die woord.	4:14 The sower soweth the word.
4:15 En dit is hulle wat langs die pad is—waar die woord gesaai word, maar sodra hulle dit gehoor het, kom die Satan dadelik en neem die woord weg wat in hulle harte gesaai is.	4:15 And these are they by the way side, where the word is sown; but when they have heard, Satan cometh immediately, and taketh away the word that was sown in their hearts.
4:16 Net so ook is hulle by wie op rotsagtige plekke gesaai word—wat, as hulle die woord hoor, dit dadelik met blydskap aanneem,	4:16 And these are they likewise which are sown on stony ground; who, when they have heard the word, immediately receive it with gladness;
4:17 maar geen wortel in hulleself het nie; hulle is net vir 'n tyd. Later as daar verdrukking of vervolging kom ter wille van die woord, struikel hulle dadelik.	4:17 And have no root in themselves, and so endure but for a time: afterward, when affliction or persecution ariseth for the word's sake, immediately they are offended.
4:18 En hulle by wie in die dorings gesaai word—dit is hulle wat die woord hoor,	4:18 And these are they which are sown among thorns; such as hear the word,
4:19 en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar.	4:19 And the cares of this world, and the deceitfulness of riches, and the lusts of other things entering in, choke the word, and it becometh unfruitful.
4:20 En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is—hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig— en een sestig— en een honderdvoudig.	4:20 And these are they which are sown on good ground; such as hear the word, and receive it, and bring forth fruit, some thirtyfold, some sixty, and some an hundred.
4:21 En Hy het vir hulle gesê: Die lamp kom tog nie om onder die maattemmer of onder die bed gesit te word nie. Is dit nie om op die staander gesit te word nie?	4:21 And he said unto them, Is a candle brought to be put under a bushel, or under a bed? and not to be set on a candlestick?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
4:22Want daar is niks verborge wat nie openbaar sal word nie, en daar is niks weggesteek nie of dit moet in die lig kom.	4:22 For there is nothing hid, which shall not be manifested; neither was any thing kept secret, but that it should come abroad.
4:23As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor.	4:23 If any man have ears to hear, let him hear.
4:24En Hy het vir hulle gesê: Pas op wat julle hoor; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word, en daar sal bygevoeg word vir julle wat hoor.	4:24 And he said unto them, Take heed what ye hear: with what measure ye mete, it shall be measured to you: and unto you that hear shall more be given.
4:25Want wie het, vir hom sal gegee word; en wie nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.	4:25 For he that hath, to him shall be given: and he that hath not, from him shall be taken even that which he hath.
4:26En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi;	4:26 And he said, So is the kingdom of God, as if a man should cast seed into the ground;
4:27en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot—hoe, weet hy self nie.	4:27 And should sleep, and rise night and day, and the seed should spring and grow up, he knoweth not how.
4:28Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.	4:28 For the earth bringeth forth fruit of herself; first the blade, then the ear, after that the full corn in the ear.
4:29En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.	4:29 But when the fruit is brought forth, immediately he putteth in the sickle, because the harvest is come.
4:30En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel?	4:30 And he said, Whereunto shall we liken the kingdom of God? or with what comparison shall we compare it?
4:31Dit is soos 'n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is;	4:31 It is like a grain of mustard seed, which, when it is sown in the earth, is less than all the seeds that be in the earth:
4:32en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.	4:32 But when it is sown, it groweth up, and becometh greater than all herbs, and shooteth out great branches; so that the fowls of the air may lodge under the shadow of it.
4:33En met baie sulke gelykenisse het Hy die woord tot hulle gespreek volgens wat hulle kon verstaan;	4:33 And with many such parables spake he the word unto them, as they were able to hear it.
4:34en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek nie; maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê.	4:34 But without a parable spake he not unto them: and when they were alone, he expounded all things to his disciples.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
4:35 En toe dit aand geword het op daardie dag, het Hy vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die ander kant.	4:35 And the same day, when the even was come, he saith unto them, Let us pass over unto the other side.
4:36 En hulle het die skare verlaat en Hom, net soos Hy was, saamgeneem in die skuit; en daar was ook ander skuitjies by Hom.	4:36 And when they had sent away the multitude, they took him even as he was in the ship. And there were also with him other little ships.
4:37 En 'n groot stormwind het opgekom, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol wou word.	4:37 And there arose a great storm of wind, and the waves beat into the ship, so that it was now full.
4:38 Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing. En hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?	4:38 And he was in the hinder part of the ship, asleep on a pillow: and they awake him, and say unto him, Master, carest thou not that we perish?
4:39 En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom.	4:39 And he arose, and rebuked the wind, and said unto the sea, Peace, be still. And the wind ceased, and there was a great calm.
4:40 Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?	4:40 And he said unto them, Why are ye so fearful? how is it that ye have no faith?
4:41 En 'n groot vrees het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!	4:41 And they feared exceedingly, and said one to another, What manner of man is this, that even the wind and the sea obey him?
Markus 5	Mark 5
5:1 En hulle het aan die oorkant van die see gekom in die land van die Gadaréners.	5:1 And they came over unto the other side of the sea, into the country of the Gadarenes.
5:2 En toe Hy uit die skuit gaan, kom daar dadelik uit die grafte Hom tegemoet 'n man met 'n onreine gees,	5:2 And when he was come out of the ship, immediately there met him out of the tombs a man with an unclean spirit,
5:3 wat sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie;	5:3 Who had his dwelling among the tombs; and no man could bind him, no, not with chains:
5:4 want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie.	5:4 Because that he had been often bound with fetters and chains, and the chains had been plucked asunder by him, and the fetters broken in pieces: neither could any man tame him.
5:5 En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan.	5:5 And always, night and day, he was in the mountains, and in the tombs, crying, and cutting himself with stones.
5:6 En toe hy Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer	5:6 But when he saw Jesus afar off, he ran and worshipped him,

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
5:7 en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.	5:7 And cried with a loud voice, and said, What have I to do with thee, Jesus, thou Son of the most high God? I adjure thee by God, that thou torment me not.
5:8 Want Hy het vir hom gesê: Onreine gees, gaan uit die man uit!	5:8 For he said unto him, Come out of the man, thou unclean spirit.
5:9 En Hy vra hom: Wat is jou naam? En hy antwoord en sê: Legio is my naam, want ons is baie.	5:9 And he asked him, What is thy name? And he answered, saying, My name is Legion: for we are many.
5:10 Toe smeeek hy Hom dringend om hulle nie uit die land weg te stuur nie.	5:10 And he besought him much that he would not send them away out of the country.
5:11 En dáár teen die berge het 'n groot trop varke gewei,	5:11 Now there was there nigh unto the mountains a great herd of swine feeding.
5:12 en al die duiwels het Hom gesmeek en gesê: Stuur ons in die varke, sodat ons in hulle kan vaar.	5:12 And all the devils besought him, saying, Send us into the swine, that we may enter into them.
5:13 En Jesus het hulle dit dadelik toegelaat; en die onreine geeste het uitgegaan en in die varke gevaar, en die trop—daar was omtrent twee duisend—het van die krans af in die see gestorm en in die see verdrink.	5:13 And forthwith Jesus gave them leave. And the unclean spirits went out, and entered into the swine: and the herd ran violently down a steep place into the sea, (they were about two thousand;) and were choked in the sea.
5:14 En die wagters van die varke het gevlug en dit in die stad en in die buitewyke vertel; en hulle het uitgekom om te sien wat daar gebeur het.	5:14 And they that fed the swine fled, and told it in the city, and in the country. And they went out to see what it was that was done.
5:15 Toe kom hulle by Jesus en sien die besetene sit, gekleed en by sy verstand—die een wat die legioen gehad het. En hulle was bevrees.	5:15 And they come to Jesus, and see him that was possessed with the devil, and had the legion, sitting, and clothed, and in his right mind: and they were afraid.
5:16 Die wat dit gesien het, vertel toe aan hulle hoe dit met die besetene gegaan het, en ook van die varke.	5:16 And they that saw it told them how it befell to him that was possessed with the devil, and also concerning the swine.
5:17 En hulle het Hom begin smeeek om weg te gaan uit hulle gebied.	5:17 And they began to pray him to depart out of their coasts.
5:18 En toe Hy in die skuit klim, het die man wat van die duiwels besete gewees het, Hom gesmeek om by Hom te kan bly.	5:18 And when he was come into the ship, he that had been possessed with the devil prayed him that he might be with him.
5:19 Maar Jesus het hom dit nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was.	5:19 Howbeit Jesus suffered him not, but saith unto him, Go home to thy friends, and tell them how great things the Lord hath done for thee, and hath had compassion on thee.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
5:20En hy het weggegaan en in Dekápolis begin verkondig watter groot dinge Jesus aan hom gedoen het, en almal was verwonderd.	5:20 And he departed, and began to publish in Decapolis how great things Jesus had done for him: and all men did marvel.
5:21En toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see.	5:21 And when Jesus was passed over again by ship unto the other side, much people gathered unto him: and he was nigh unto the sea.
5:22En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jaïrus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer	5:22 And, behold, there cometh one of the rulers of the synagogue, Jairus by name; and when he saw him, he fell at his feet,
5:23en smeeek Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe.	5:23 And besought him greatly, saying, My little daughter lieth at the point of death: I pray thee, come and lay thy hands on her, that she may be healed; and she shall live.
5:24En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring.	5:24 And Jesus went with him; and much people followed him, and thronged him.
5:25En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het	5:25 And a certain woman, which had an issue of blood twelve years,
5:26en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het,	5:26 And had suffered many things of many physicians, and had spent all that she had, and was nothing bettered, but rather grew worse,
5:27het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak;	5:27 When she had heard of Jesus, came in the press behind, and touched his garment.
5:28want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word.	5:28 For she said, If I may touch but his clothes, I shall be whole.
5:29En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemark dat sy van haar kwaal genees was.	5:29 And straightway the fountain of her blood was dried up; and she felt in her body that she was healed of that plague.
5:30En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak?	5:30 And Jesus, immediately knowing in himself that virtue had gone out of him, turned him about in the press, and said, Who touched my clothes?
5:31En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak?	5:31 And his disciples said unto him, Thou seest the multitude thronging thee, and sayest thou, Who touched me?
5:32Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het.	5:32 And he looked round about to see her that had done this thing.
5:33Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid.	5:33 But the woman fearing and trembling, knowing what was done in her, came and fell down before him, and told him all the truth.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
5:34 En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.	5:34 And he said unto her, Daughter, thy faith hath made thee whole; go in peace, and be whole of thy plague.
5:35 Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig?	5:35 While he yet spake, there came from the ruler of the synagogue's house certain which said, Thy daughter is dead: why troublest thou the Master any further?
5:36 Maar dadelik, toe Jesus die woord hoor wat gespreek is, sê Hy vir die owerste van die sinagoge: Moenie vrees nie; glo net.	5:36 As soon as Jesus heard the word that was spoken, he saith unto the ruler of the synagogue, Be not afraid, only believe.
5:37 En Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.	5:37 And he suffered no man to follow him, save Peter, and James, and John the brother of James.
5:38 En Hy kom in die huis van die owerste van die sinagoge en sien 'n rumoer: mense wat baie ween en huil.	5:38 And he cometh to the house of the ruler of the synagogue, and seeth the tumult, and them that wept and wailed greatly.
5:39 En toe Hy binnegaan, sê Hy vir hulle: Waarom gaan julle so te kere en ween julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap.	5:39 And when he was come in, he saith unto them, Why make ye this ado, and weep? the damsel is not dead, but sleepeth.
5:40 En hulle het Hom uitgelag. Maar Hy het almal uitgedryf en die vader van die kind saamgeneem en die moeder en die wat by Hom was, en ingegaan waar die kind lê.	5:40 And they laughed him to scorn. But when he had put them all out, he taketh the father and the mother of the damsel, and them that were with him, and entereth in where the damsel was lying.
5:41 Toe gryp Hy die hand van die kind en sê vir haar: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!	5:41 And he took the damsel by the hand, and said unto her, Talitha cumi; which is, being interpreted, Damsel, I say unto thee, arise.
5:42 En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas.	5:42 And straightway the damsel arose, and walked; for she was of the age of twelve years. And they were astonished with a great astonishment.
5:43 En Hy het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word.	5:43 And he charged them straitly that no man should know it; and commanded that something should be given her to eat.
Markus 6	Mark 6
6:1 En Hy het daarvandaan weggegaan en in sy vaderstad gekom, en sy dissipels het Hom gevolg.	6:1 And he went out from thence, and came into his own country; and his disciples follow him.
6:2 En toe dit sabbat geword het, begin Hy in die sinagoge te leer, en baie wat Hom gehoor het, was verslae en sê: Waar kry Hy hierdie dinge vandaan, en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind?	6:2 And when the sabbath day was come, he began to teach in the synagogue: and many hearing him were astonished, saying, From whence hath this man these things? and what wisdom is this which is given unto him, that even such mighty works are wrought by his hands?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
6:3 Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria, en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie? En hulle het aanstoot aan Hom geneem.	6:3 Is not this the carpenter, the son of Mary, the brother of James, and Joses, and of Juda, and Simon? and are not his sisters here with us? And they were offended at him.
6:4 En Jesus sê vir hulle: 'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en onder sy familie en in sy huis.	6:4 But Jesus, said unto them, A prophet is not without honour, but in his own country, and among his own kin, and in his own house.
6:5 En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het.	6:5 And he could there do no mighty work, save that he laid his hands upon a few sick folk, and healed them.
6:6 En Hy was verwonderd oor hulle ongeloof. Daarop het Hy die dorpe rondom deurgegaan en geleer.	6:6 And he marvelled because of their unbelief. And he went round about the villages, teaching.
6:7 En Hy het die twaalf na Hom geroep en hulle twee-twee begin uitstuur en het hulle mag gegee oor die onreine geeste,	6:7 And he called unto him the twelve, and began to send them forth by two and two; and gave them power over unclean spirits;
6:8 en hulle bevel gegee om niks vir die pad saam te neem nie as net 'n stok alleen—geen reissak, geen brood, geen geld in die beurs nie,	6:8 And commanded them that they should take nothing for their journey, save a staff only; no scrip, no bread, no money in their purse:
6:9 maar skoene aan die voete; en: Julle moet nie twee kledingstukke aantrek nie.	6:9 But be shod with sandals; and not put on two coats.
6:10 En Hy het vir hulle gesê: Waar julle ook al in 'n huis mag kom, bly dáár totdat julle daarvandaan vertrek.	6:10 And he said unto them, In what place soever ye enter into an house, there abide till ye depart from that place.
6:11 En almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die stof onder julle voete af tot 'n getuienis teen hulle. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.	6:11 And whosoever shall not receive you, nor hear you, when ye depart thence, shake off the dust under your feet for a testimony against them. Verily I say unto you, It shall be more tolerable for Sodom and Gomorrhah in the day of judgment, than for that city.
6:12 En hulle het uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer.	6:12 And they went out, and preached that men should repent.
6:13 En hulle het baie duiwels uitgedryf en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.	6:13 And they cast out many devils, and anointed with oil many that were sick, and healed them.
6:14 Toe koning Herodes dit hoor—want sy naam het bekend geword—het hy gesê: Johannes die Doper het uit die dode opgestaan, en daarom werk dié kragte in Hom.	6:14 And king Herod heard of him; (for his name was spread abroad:) and he said, That John the Baptist was risen from the dead, and therefore mighty works do shew forth themselves in him.
6:15 Ander het gesê: Hy is Elía, en ander weer het gesê: Hy is 'n profeet of soos een van die profete.	6:15 Others said, That it is Elias. And others said, That it is a prophet, or as one of the prophets.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
6:16 Maar toe Herodes dit hoor, sê hy: Johannes wat ek onthoof het, dit is hy; hy het uit die dode opgestaan.	6:16 But when Herod heard thereof, he said, It is John, whom I beheaded: he is risen from the dead.
6:17Want Herodes self het gestuur en Johannes gevange geneem en hom in die gevangenis geboei, vanweë Heródias, die vrou van Filippus, sy broer, omdat hy met haar getrou het.	6:17 For Herod himself had sent forth and laid hold upon John, and bound him in prison for Herodias' sake, his brother Philip's wife: for he had married her.
6:18Want Johannes het aan Herodes gesê: Dit is u nie geoorloof om u broer se vrou te hê nie.	6:18 For John had said unto Herod, It is not lawful for thee to have thy brother's wife.
6:19En Heródias het 'n oog op hom gehad en wou hom om die lewe bring en sy kon nie.	6:19 Therefore Herodias had a quarrel against him, and would have killed him; but she could not:
6:20Want Herodes was bang vir Johannes, omdat hy wis dat hy 'n regverdige en heilige man was, en hy het hom beskerm; en nadat hy hom gehoor het, het hy baie dinge gedoen en graag na hom geluister.	6:20 For Herod feared John, knowing that he was a just man and an holy, and observed him; and when he heard him, he did many things, and heard him gladly.
6:21En op die geskikte dag, toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy groot manne en die owerstes oor duisend en die vernaamstes van Galiléa 'n maaltyd gegee het;	6:21 And when a convenient day was come, that Herod on his birthday made a supper to his lords, high captains, and chief estates of Galilee;
6:22en toe die dogter van dieselfde Heródias inkom en dans, en Herodes en die wat saam aan tafel was, behaag, sê die koning vir die meisie: Vra my net wat jy wil, en ek sal dit aan jou gee.	6:22 And when the daughter of the said Herodias came in, and danced, and pleased Herod and them that sat with him, the king said unto the damsel, Ask of me whatsoever thou wilt, and I will give it thee.
6:23En hy het vir haar gesweer: Net wat jy my vra, sal ek jou gee, al was dit ook die helfte van my koninkryk.	6:23 And he sware unto her, Whatsoever thou shalt ask of me, I will give it thee, unto the half of my kingdom.
6:24Daarop gaan sy uit en sê vir haar moeder: Wat sal ek vra? Toe antwoord sy: Die hoof van Johannes die Doper.	6:24 And she went forth, and said unto her mother, What shall I ask? And she said, The head of John the Baptist.
6:25En dadelik gaan sy haastig in na die koning en vra en sê: Ek wil hê dat u my op die daad die hoof van Johannes die Doper op 'n skottel gee.	6:25 And she came in straightway with haste unto the king, and asked, saying, I will that thou give me by and by in a charger the head of John the Baptist.
6:26Toe word die koning baie bedroef, maar ter wille van die eed en die wat saam aan tafel was, wou hy haar nie afwys nie.	6:26 And the king was exceeding sorry; yet for his oath's sake, and for their sakes which sat with him, he would not reject her.
6:27En die koning stuur dadelik een van sy lyfwag met die bevel om sy hoof te bring; en hy het gegaan en hom in die gevangenis onthoof	6:27 And immediately the king sent an executioner, and commanded his head to be brought: and he went and beheaded him in the prison,

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
6:28En sy hoof op 'n skottel gebring en dit aan die meisie gegee, en die meisie het dit aan haar moeder gegee.	6:28 And brought his head in a charger, and gave it to the damsel: and the damsel gave it to her mother.
6:29En toe sy dissipels dit hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en dit in 'n graf neergelê.	6:29 And when his disciples heard of it, they came and took up his corpse, and laid it in a tomb.
6:30En die apostels het by Jesus saamgekom en Hom alles vertel wat hulle gedoen sowel as wat hulle geleer het.	6:30 And the apostles gathered themselves together unto Jesus, and told him all things, both what they had done, and what they had taught.
6:31En Hy sê vir hulle: Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie. Want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet nie.	6:31 And he said unto them, Come ye yourselves apart into a desert place, and rest a while: for there were many coming and going, and they had no leisure so much as to eat.
6:32En hulle het met die skuit vertrek na 'n verlate plek in die eensaamheid.	6:32 And they departed into a desert place by ship privately.
6:33En die skare het hulle sien weggaan, en baie het Hom herken en te voet van al die stede af daar saamgestroom en voor hulle uit gegaan en by Hom vergader.	6:33 And the people saw them departing, and many knew him, and ran afoot thither out of all cities, and outwent them, and came together unto him.
6:34En toe Jesus uitklim, sien Hy 'n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer.	6:34 And Jesus, when he came out, saw much people, and was moved with compassion toward them, because they were as sheep not having a shepherd: and he began to teach them many things.
6:35En toe dit reeds laat geword het, kom sy dissipels na Hom en sê: Die plek is verlate en dit is reeds laat.	6:35 And when the day was now far spent, his disciples came unto him, and said, This is a desert place, and now the time is far passed:
6:36Stuur hulle weg, sodat hulle na die buitewyke en dorpe rondom kan gaan om brood vir hulleself te koop, want hulle het niks om te eet nie.	6:36 Send them away, that they may go into the country round about, and into the villages, and buy themselves bread: for they have nothing to eat.
6:37Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Gee julle aan hulle iets om te eet. En hulle sê vir Hom: Moet ons gaan en vir twee honderd pennings brood koop en aan hulle gee om te eet?	6:37 He answered and said unto them, Give ye them to eat. And they say unto him, Shall we go and buy two hundred pennyworth of bread, and give them to eat?
6:38En Hy sê vir hulle: Hoeveel brode het julle? Gaan kyk. En toe hulle dit te wete gekom het, sê hulle: Vyf, en twee visse.	6:38 He saith unto them, How many loaves have ye? go and see. And when they knew, they say, Five, and two fishes.
6:39En Hy het hulle beveel om almal klompies-klompies op die groen gras te laat sit.	6:39 And he commanded them to make all sit down by companies upon the green grass.
6:40En hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig.	6:40 And they sat down in ranks, by hundreds, and by fifties.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
6:41Hy neem toe die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en dank; en Hy breek die brode en gee dit aan sy dissipels om dit aan hulle voor te sit. Ook die twee visse het Hy onder almal verdeel.	6:41 And when he had taken the five loaves and the two fishes, he looked up to heaven, and blessed, and brake the loaves, and gave them to his disciples to set before them; and the two fishes divided he among them all.
6:42En almal het geëet en versadig geword;	6:42 And they did all eat, and were filled.
6:43En hulle het van die brokstukke twaalf mandjies vol opgetel, en van die visse.	6:43 And they took up twelve baskets full of the fragments, and of the fishes.
6:44En die wat van die brood geëet het, was omtrent vyf duisend manne.	6:44 And they that did eat of the loaves were about five thousand men.
6:45En dadelik het Hy sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en vooruit te vaar na die oorkant, na Betsáida, onderwyl Hy die skare sou wegstuur.	6:45 And straightway he constrained his disciples to get into the ship, and to go to the other side before unto Bethsaida, while he sent away the people.
6:46En nadat Hy van hulle afskeid geneem het, het Hy na die berg gegaan om te bid.	6:46 And when he had sent them away, he departed into a mountain to pray.
6:47En toe dit aand geword het, was die skuit in die middel van die see en Hy alleen op die land.	6:47 And when even was come, the ship was in the midst of the sea, and he alone on the land.
6:48En Hy het gesien dat hulle swaar kry met roei, want die wind was teen hulle. En omtrent die vierde nagwaak het Hy na hulle gekom, al wandelende op die see. En Hy wou by hulle verbygaan.	6:48 And he saw them toiling in rowing; for the wind was contrary unto them: and about the fourth watch of the night he cometh unto them, walking upon the sea, and would have passed by them.
6:49En toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gemeen dat dit 'n spook was en hard uitgeskreue;	6:49 But when they saw him walking upon the sea, they supposed it had been a spirit, and cried out:
6:50want hulle het Hom almal gesien en was ontsteld. Toe spreek Hy dadelik met hulle en sê vir hulle: Hou goeie moed, dit is Ek; moenie vrees nie.	6:50 For they all saw him, and were troubled. And immediately he talked with them, and saith unto them, Be of good cheer: it is I; be not afraid.
6:51En Hy het by hulle in die skuit geklim, en die wind het gaan lê; en hulle was by hulleself uitermate verbaas en verwonderd.	6:51 And he went up unto them into the ship; and the wind ceased: and they were sore amazed in themselves beyond measure, and wondered.
6:52Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was.	6:52 For they considered not the miracle of the loaves: for their heart was hardened.
6:53En nadat hulle oorgevaar het, het hulle by die land Gennésaret aangekom en daar aan wal gaan lê.	6:53 And when they had passed over, they came into the land of Gennesaret, and drew to the shore.
6:54En toe hulle uit die skuit gaan, het die mense Hom dadelik herken.	6:54 And when they were come out of the ship, straightway they knew him,

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
6:55 En hulle het in daardie hele omtrek rondgehoop en die wat ongesteld was, op bedde begin ronddra na die plek waar hulle hoor dat Hy is.	6:55 And ran through that whole region round about, and began to carry about in beds those that were sick, where they heard he was.
6:56 En waar Hy ook al ingegaan het in dorpe of stede of buitewyke, het hulle die wat ongesteld was, op die markpleine neergesit en Hom gesmeek om, al was dit maar die soom van sy kleed, aan te raak; en almal wat Hom aangeraak het, het gesond geword.	6:56 And whithersoever he entered, into villages, or cities, or country, they laid the sick in the streets, and besought him that they might touch if it were but the border of his garment: and as many as touched him were made whole.
Markus 7	Mark 7
7:1 En die Fariseërs en sommige van die skrifgeleerdes wat van Jerusalem gekom het, het by Hom saamgekom;	7:1 Then came together unto him the Pharisees, and certain of the scribes, which came from Jerusalem.
7:2 en toe hulle sommige van sy dissipels met onrein, dit is met ongewaste, hande sien brood eet, het hulle dit afgekeur.	7:2 And when they saw some of his disciples eat bread with defiled, that is to say, with unwashen, hands, they found fault.
7:3 Want die Fariseërs en al die Jode eet nie as hulle nie deeglik die hande gewas het nie, omdat hulle vashou aan die oorlewering van die ou mense.	7:3 For the Pharisees, and all the Jews, except they wash their hands oft, eat not, holding the tradition of the elders.
7:4 En wanneer hulle van die mark kom, eet hulle nie as hulle nie gewas het nie; en baie ander dinge is daar wat hulle aangeneem het om te onderhou: die wassery van bekere en kanne en kopergoed en bedde.	7:4 And when they come from the market, except they wash, they eat not. And many other things there be, which they have received to hold, as the washing of cups, and pots, brasen vessels, and of tables.
7:5 Daarop stel die Fariseërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: Waarom wandel u dissipels nie ooreenkomstig die oorlewering van die ou mense nie, maar eet brood met ongewaste hande?	7:5 Then the Pharisees and scribes asked him, Why walk not thy disciples according to the tradition of the elders, but eat bread with unwashen hands?
7:6 En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.	7:6 He answered and said unto them, Well hath Esaias prophesied of you hypocrites, as it is written, This people honoureth me with their lips, but their heart is far from me.
7:7 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.	7:7 Howbeit in vain do they worship me, teaching for doctrines the commandments of men.
7:8 Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.	7:8 For laying aside the commandment of God, ye hold the tradition of men, as the washing of pots and cups: and many other such like things ye do.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
7:9 En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.	7:9 And he said unto them, Full well ye reject the commandment of God, that ye may keep your own tradition.
7:10 Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe.	7:10 For Moses said, Honour thy father and thy mother; and, Whoso curseth father or mother, let him die the death:
7:11 Maar julle sê: As 'n mens aan vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban, dit is 'n offergawe—	7:11 But ye say, If a man shall say to his father or mother, It is Corban, that is to say, a gift, by whatsoever thou mightest be profited by me; he shall be free.
7:12 dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of sy moeder te doen nie.	7:12 And ye suffer him no more to do ought for his father or his mother;
7:13 So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.	7:13 Making the word of God of none effect through your tradition, which ye have delivered: and many such like things do ye.
7:14 En Hy het die hele skare na Hom geroep en vir hulle gesê: Luister almal na My en verstaan.	7:14 And when he had called all the people unto him, he said unto them, Harken unto me every one of you, and understand:
7:15 Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak.	7:15 There is nothing from without a man, that entering into him can defile him: but the things which come out of him, those are they that defile the man.
7:16 As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor!	7:16 If any man have ears to hear, let him hear.
7:17 En toe Hy van die skare af in 'n huis gekom het, vra sy dissipels Hom oor die gelykenis.	7:17 And when he was entered into the house from the people, his disciples asked him concerning the parable.
7:18 En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie,	7:18 And he saith unto them, Are ye so without understanding also? Do ye not perceive, that whatsoever thing from without entereth into the man, it cannot defile him;
7:19 omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?	7:19 Because it entereth not into his heart, but into the belly, and goeth out into the draught, purging all meats?
7:20 En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein.	7:20 And he said, That which cometh out of the man, that defileth the man.
7:21 Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord,	7:21 For from within, out of the heart of men, proceed evil thoughts, adulteries, fornications, murders,

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
7:22diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.	7:22 Thefts, covetousness, wickedness, deceit, lasciviousness, an evil eye, blasphemy, pride, foolishness:
7:23Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.	7:23 All these evil things come from within, and defile the man.
7:24En Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus en Sidon vertrek. En toe Hy in die huis gegaan het, wou Hy nie dat iemand dit sou weet nie; maar Hy kon nie verborge bly nie.	7:24 And from thence he arose, and went into the borders of Tyre and Sidon, and entered into an house, and would have no man know it: but he could not be hid.
7:25Want 'n vrou wie se dogtertjie 'n onreine gees gehad het, het van Hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval.	7:25 For a certain woman, whose young daughter had an unclean spirit, heard of him, and came and fell at his feet:
7:26En sy was 'n Griekse vrou, 'n Siro-Feniciese van geboorte, en sy het Hom gevra om die duivel uit haar dogter uit te dryf.	7:26 The woman was a Greek, a Syrophenician by nation; and she besought him that he would cast forth the devil out of her daughter.
7:27Maar Jesus sê vir haar: Laat eers die kinders versadig word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie.	7:27 But Jesus said unto her, Let the children first be filled: for it is not meet to take the children's bread, and to cast it unto the dogs.
7:28En sy antwoord en sê vir Hom: Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels.	7:28 And she answered and said unto him, Yes, Lord: yet the dogs under the table eat of the children's crumbs.
7:29En Hy sê vir haar: Ter wille van hierdie woord kan jy gaan; die duivel het uit jou dogter uitgevaar.	7:29 And he said unto her, For this saying go thy way; the devil is gone out of thy daughter.
7:30En toe sy huis toe gaan, vind sy dat die duivel uitgevaar het en dat haar dogter op die bed lê.	7:30 And when she was come to her house, she found the devil gone out, and her daughter laid upon the bed.
7:31En Hy het weer uit die gebied van Tirus en Sidon vertrek en na die see van Galiléa gegaan, deur die gebied van Dekápolis.	7:31 And again, departing from the coasts of Tyre and Sidon, he came unto the sea of Galilee, through the midst of the coasts of Decapolis.
7:32Toe bring hulle na Hom 'n dowe wat swaar praat, en smee Hom om hom die hande op te lê.	7:32 And they bring unto him one that was deaf, and had an impediment in his speech; and they beseech him to put his hand upon him.
7:33En Hy neem hom opsy, weg van die skare, en steek sy vingers in sy ore, en spuug en raak sy tong aan;	7:33 And he took him aside from the multitude, and put his fingers into his ears, and he spit, and touched his tongue;
7:34en nadat Hy opgekyk het na die hemel, sug Hy en sê aan hom: Éffata, dit is: Gaan oop!	7:34 And looking up to heaven, he sighed, and saith unto him, Ephphatha, that is, Be opened.
7:35En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong losgeraak, en hy het reg gepraat.	7:35 And straightway his ears were opened, and the string of his tongue was loosed, and he spake plain.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
7:36 En Hy het hulle beveel om dit aan niemand te sê nie; maar hoe meer Hy hulle dit beveel, hoe meer hulle dit verkondig.	7:36 And he charged them that they should tell no man: but the more he charged them, so much the more a great deal they published it;
7:37 En hulle was uitermate verslae en het gesê: Hy het alles goed gedoen: die doves laat Hy hoor en die stommes praat.	7:37 And were beyond measure astonished, saying, He hath done all things well: he maketh both the deaf to hear, and the dumb to speak.
Markus 8	Mark 8
8:1 In dié dae toe daar 'n baie groot menigte was en hulle niks gehad het om te eet nie, het Jesus sy dissipels na Hom geroep en vir hulle gesê:	8:1 In those days the multitude being very great, and having nothing to eat, Jesus called his disciples unto him, and saith unto them,
8:2 Ek voel innig jammer vir die skare, omdat hulle al drie dae by My bly en niks het om te eet nie.	8:2 I have compassion on the multitude, because they have now been with me three days, and have nothing to eat:
8:3 En as Ek hulle honger huis toe stuur, sal hulle op die pad beswyk, want sommige van hulle kom van ver.	8:3 And if I send them away fasting to their own houses, they will faint by the way: for divers of them came from far.
8:4 En sy dissipels antwoord Hom: Waarvandaan sal 'n mens hulle hier in die woestyn kan versadig met brood?	8:4 And his disciples answered him, From whence can a man satisfy these men with bread here in the wilderness?
8:5 Toe vra Hy hulle: Hoeveel brode het julle? En hulle sê: Sewe.	8:5 And he asked them, How many loaves have ye? And they said, Seven.
8:6 En Hy gee aan die skare bevel om op die grond te gaan sit; daarop neem Hy die sewe brode, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels om dit voor te sit; en hulle sit dit aan die skare voor.	8:6 And he commanded the people to sit down on the ground: and he took the seven loaves, and gave thanks, and brake, and gave to his disciples to set before them; and they did set them before the people.
8:7 Hulle het ook 'n paar vissies gehad; en nadat Hy gedank het, sê Hy dat hulle dit ook moet voorsit.	8:7 And they had a few small fishes: and he blessed, and commanded to set them also before them.
8:8 En hulle het geëet en versadig geword en die oorskot van die brokstukke opgetel, sewe mandjies vol.	8:8 So they did eat, and were filled: and they took up of the broken meat that was left seven baskets.
8:9 En die wat geëet het, was omtrent vier duisend. En Hy het hulle weggestuur.	8:9 And they that had eaten were about four thousand: and he sent them away.
8:10 En dadelik het Hy met sy dissipels in die skuit geklim en in die streke van Dalmanúta gekom.	8:10 And straightway he entered into a ship with his disciples, and came into the parts of Dalmanutha.
8:11 En die Fariseërs het uitgegaan en met Hom begin redetwis en van Hom 'n teken uit die hemel gevra om Hom te versoek.	8:11 And the Pharisees came forth, and began to question with him, seeking of him a sign from heaven, tempting him.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
8:12 Toe sug Hy swaar in sy gees en sê: Waarom begeer hierdie geslag 'n teken? Voorwaar Ek sê vir julle, aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie.	8:12 And he sighed deeply in his spirit, and saith, Why doth this generation seek after a sign? verily I say unto you, There shall no sign be given unto this generation.
8:13 En Hy het hulle verlaat en weer in die skuit geklim en na die oorkant gegaan.	8:13 And he left them, and entering into the ship again departed to the other side.
8:14 En hulle het vergeet om brode saam te neem, en het net een brood by hulle in die skuit gehad.	8:14 Now the disciples had forgotten to take bread, neither had they in the ship with them more than one loaf.
8:15 En Hy het hulle beveel en gesê: Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes.	8:15 And he charged them, saying, Take heed, beware of the leaven of the Pharisees, and of the leaven of Herod.
8:16 Toe redeneer hulle onder mekaar en sê: Dit is omdat ons geen brode het nie.	8:16 And they reasoned among themselves, saying, It is because we have no bread.
8:17 En Jesus merk dit en sê vir hulle: Waarom redeneer julle dat julle geen brode het nie? Begryp julle nie en verstaan julle nie? Het julle nog jul verharde hart?	8:17 And when Jesus knew it, he saith unto them, Why reason ye, because ye have no bread? perceive ye not yet, neither understand? have ye your heart yet hardened?
8:18 Het julle oë en sien julle nie? En het julle ore en hoor julle nie?	8:18 Having eyes, see ye not? and having ears, hear ye not? and do ye not remember?
8:19 En onthou julle nie toe Ek die vyf brode vir die vyf duisend gebreek het, hoeveel mandjies vol brokstukke julle opgetel het nie? Hulle sê vir Hom: Twaalf.	8:19 When I brake the five loaves among five thousand, how many baskets full of fragments took ye up? They say unto him, Twelve.
8:20 En die sewe vir die vier duisend—hoeveel mandjies vol brokstukke het julle opgetel? En hulle sê: Sewe.	8:20 And when the seven among four thousand, how many baskets full of fragments took ye up? And they said, Seven.
8:21 Toe sê Hy vir hulle: Hoe verstaan julle dan nie!	8:21 And he said unto them, How is it that ye do not understand?
8:22 En Hy het in Betsáida gekom, en hulle het 'n blinde man na Hom gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak.	8:22 And he cometh to Bethsaida; and they bring a blind man unto him, and besought him to touch him.
8:23 Hy neem toe die blinde by die hand en lei hom uit buitekant die dorp; en nadat Hy in sy oë gespuug en hom die hande opgelê het, vra Hy hom of hy iets sien.	8:23 And he took the blind man by the hand, and led him out of the town; and when he had spit on his eyes, and put his hands upon him, he asked him if he saw ought.
8:24 En hy kyk op en sê: Ek sien die mense, want ek sien hulle soos bome rondloop.	8:24 And he looked up, and said, I see men as trees, walking.
8:25 Daarna lê Hy weer die hande op sy oë en laat hom opkyk, en hy is herstel en het almal van ver af duidelik gesien.	8:25 After that he put his hands again upon his eyes, and made him look up: and he was restored, and saw every man clearly.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
8:26En Hy het hom na sy huis gestuur en gesê: Moenie in die dorp gaan of dit aan iemand in die dorp vertel nie.	8:26 And he sent him away to his house, saying, Neither go into the town, nor tell it to any in the town.
8:27En Jesus en sy dissipels het uitgegaan na die dorpe van Cesaréa-Filíppi; en op die pad vra Hy sy dissipels en sê vir hulle: Wie sê die mense is Ek?	8:27 And Jesus went out, and his disciples, into the towns of Caesarea Philippi: and by the way he asked his disciples, saying unto them, Whom do men say that I am?
8:28En hulle antwoord: Johannes die Doper, en ander: Elía, en ander: Een van die profete.	8:28 And they answered, John the Baptist; but some say, Elias; and others, One of the prophets.
8:29En Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord en sê vir Hom: U is die Christus.	8:29 And he saith unto them, But whom say ye that I am? And Peter answereth and saith unto him, Thou art the Christ.
8:30En Hy het hulle streng beveel om niemand van Hom te vertel nie.	8:30 And he charged them that they should tell no man of him.
8:31Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan.	8:31 And he began to teach them, that the Son of man must suffer many things, and be rejected of the elders, and of the chief priests, and scribes, and be killed, and after three days rise again.
8:32En hierdie woord het Hy ronduit gespreek. En Petrus het Hom opsy geneem en Hom begin bestraf.	8:32 And he spake that saying openly. And Peter took him, and began to rebuke him.
8:33Maar Hy het Hom omgedraai, en terwyl Hy sy dissipels aankyk, het Hy Petrus bestraf en gesê: Gaan weg agter My, Satan! Want jy bedink nie die dinge van God nie, maar dié van die mense.	8:33 But when he had turned about and looked on his disciples, he rebuked Peter, saying, Get thee behind me, Satan: for thou savourest not the things that be of God, but the things that be of men.
8:34En toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.	8:34 And when he had called the people unto him with his disciples also, he said unto them, Whosoever will come after me, let him deny himself, and take up his cross, and follow me.
8:35Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red.	8:35 For whosoever will save his life shall lose it; but whosoever shall lose his life for my sake and the gospel's, the same shall save it.
8:36Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?	8:36 For what shall it profit a man, if he shall gain the whole world, and lose his own soul?
8:37Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?	8:37 Or what shall a man give in exchange for his soul?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
8:38Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met die heilige engele.	8:38 Whosoever therefore shall be ashamed of me and of my words in this adulterous and sinful generation; of him also shall the Son of man be ashamed, when he cometh in the glory of his Father with the holy angels.
Markus 9	Mark 9
9:1 En Hy sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom het nie.	9:1 And he said unto them, Verily I say unto you, That there be some of them that stand here, which shall not taste of death, till they have seen the kingdom of God come with power.
9:2 En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle alleen op 'n hoë berg in die eensaamheid geneem; en Hy het voor hulle van gedaante verander,	9:2 And after six days Jesus taketh with him Peter, and James, and John, and leadeth them up into an high mountain apart by themselves: and he was transfigured before them.
9:3 en sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu, wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie.	9:3 And his raiment became shining, exceeding white as snow; so as no fuller on earth can white them.
9:4 En daar het aan hulle verskyn Elía saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus.	9:4 And there appeared unto them Elias with Moses: and they were talking with Jesus.
9:5 Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en vir Elía een.	9:5 And Peter answered and said to Jesus, Master, it is good for us to be here: and let us make three tabernacles; one for thee, and one for Moses, and one for Elias.
9:6 Want hy het nie geweet wat om te sê nie, want hulle was heeltemal verskrik.	9:6 For he wist not what to say; for they were sore afraid.
9:7 En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom 'n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!	9:7 And there was a cloud that overshadowed them: and a voice came out of the cloud, saying, This is my beloved Son: hear him.
9:8 En meteens kyk hulle rond en sien niemand meer by hulle nie, behalwe Jesus alleen.	9:8 And suddenly, when they had looked round about, they saw no man any more, save Jesus only with themselves.
9:9 En onderwyl hulle van die berg afklim, gee Hy aan hulle bevel om aan niemand te vertel wat hulle gesien het voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie.	9:9 And as they came down from the mountain, he charged them that they should tell no man what things they had seen, till the Son of man were risen from the dead.
9:10 En hulle het die woord vir hulleself gehou en onder mekaar gevra wat dit beteken om uit die dode op te staan.	9:10 And they kept that saying with themselves, questioning one with another what the rising from the dead should mean.
9:11 En hulle vra Hom en sê: Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elía eers moet kom?	9:11 And they asked him, saying, Why say the scribes that Elias must first come?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>9:12 Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Dis waar, Elía kom eers om alles te herstel; en tog, hoe staan daar dan van die Seun van die mens geskrywe dat Hy baie moet ly en verag word?</p>	<p>9:12 And he answered and told them, Elias verily cometh first, and restoreth all things; and how it is written of the Son of man, that he must suffer many things, and be set at nought.</p>
<p>9:13 Maar Ek sê vir julle dat Elía al gekom het, en hulle het aan hom gedoen alles wat hulle wou, soos van hom geskrywe is.</p>	<p>9:13 But I say unto you, That Elias is indeed come, and they have done unto him whatsoever they listed, as it is written of him.</p>
<p>9:14 En toe Hy by die dissipels kom, sien Hy 'n groot menigte om hulle, en skrifgeleerdes wat met hulle redetwis.</p>	<p>9:14 And when he came to his disciples, he saw a great multitude about them, and the scribes questioning with them.</p>
<p>9:15 En dadelik toe die hele skare Hom sien, was hulle baie verbaas en het na Hom gehardloop en Hom gegroet.</p>	<p>9:15 And straightway all the people, when they beheld him, were greatly amazed, and running to him saluted him.</p>
<p>9:16 Daarop vra Hy die skrifgeleerdes: Waarom redetwis julle met hulle?</p>	<p>9:16 And he asked the scribes, What question ye with them?</p>
<p>9:17 En een uit die skare antwoord en sê: Meester, ek het my seun wat 'n stomme gees het, na U gebring;</p>	<p>9:17 And one of the multitude answered and said, Master, I have brought unto thee my son, which hath a dumb spirit;</p>
<p>9:18 En waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom; en hy kry skuim in die mond, en hy kners met sy tande en word styf; en ek het u dissipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie.</p>	<p>9:18 And wheresoever he taketh him, he teareth him: and he foameth, and gnasheth with his teeth, and pineth away: and I spake to thy disciples that they should cast him out; and they could not.</p>
<p>9:19 Toe antwoord Hy hom en sê: o Ongelowige geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom na My toe.</p>	<p>9:19 He answereth him, and saith, O faithless generation, how long shall I be with you? how long shall I suffer you? bring him unto me.</p>
<p>9:20 En hulle bring hom na Hom toe; en toe hy Hom sien, laat die gees hom dadelik stuiptrekkings kry, en hy val op die grond neer en rol rond met skuim in die mond.</p>	<p>9:20 And they brought him unto him: and when he saw him, straightway the spirit tare him; and he fell on the ground, and wallowed foaming.</p>
<p>9:21 Daarop vra Hy sy vader: Hoe lank is dit al dat dit hom oorgekom het? En hy sê: Van sy kindsdae af;</p>	<p>9:21 And he asked his father, How long is it ago since this came unto him? And he said, Of a child.</p>
<p>9:22 En dikwels het hy hom selfs in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak. Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons.</p>	<p>9:22 And ofttimes it hath cast him into the fire, and into the waters, to destroy him: but if thou canst do any thing, have compassion on us, and help us.</p>
<p>9:23 En Jesus sê vir hom: Wat dit betref—as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.</p>	<p>9:23 Jesus said unto him, If thou canst believe, all things are possible to him that believeth.</p>
<p>9:24 En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!</p>	<p>9:24 And straightway the father of the child cried out, and said with tears, Lord, I believe; help thou mine unbelief.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
9:25 En toe Jesus sien dat 'n skare bymekaar stroom, het Hy die onreine gees bestraf en vir hom gesê: Jou stom en dove gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie.	9:25 When Jesus saw that the people came running together, he rebuked the foul spirit, saying unto him, Thou dumb and deaf spirit, I charge thee, come out of him, and enter no more into him.
9:26 En nadat hy geskreeu en hom baie stuiptrekkings laat kry het, het hy uitgegaan. En die seun het soos 'n dooie geword, sodat baie gesê het: Hy is dood.	9:26 And the spirit cried, and rent him sore, and came out of him: and he was as one dead; insomuch that many said, He is dead.
9:27 Maar Jesus het hom by die hand gegryp en hom opgerig; en hy het opgestaan.	9:27 But Jesus took him by the hand, and lifted him up; and he arose.
9:28 En toe Hy in die huis kom, vra sy dissipels Hom afsonderlik: Waarom kon ons hom nie uitdrywe nie?	9:28 And when he was come into the house, his disciples asked him privately, Why could not we cast him out?
9:29 En Hy sê vir hulle: Hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie.	9:29 And he said unto them, This kind can come forth by nothing, but by prayer and fasting.
9:30 En hulle het daarvandaan weggegaan en verbygetrek deur Galiléa; en Hy wou nie hê dat iemand dit moes weet nie.	9:30 And they departed thence, and passed through Galilee; and he would not that any man should know it.
9:31 Want Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: Die seun van die mens word oorgelewer in die hande van die mense, en hulle sal Hom doodmaak; en nadat Hy gedood is, sal Hy die derde dag opstaan.	9:31 For he taught his disciples, and said unto them, The Son of man is delivered into the hands of men, and they shall kill him; and after that he is killed, he shall rise the third day.
9:32 En hulle het die gesegde nie verstaan nie en was bang om Hom uit te vra.	9:32 But they understood not that saying, and were afraid to ask him.
9:33 En Hy het in Kapérnaüm gekom; en toe Hy in die huis was, vra Hy hulle: Wat het julle op die pad met mekaar geredeneer?	9:33 And he came to Capernaum: and being in the house he asked them, What was it that ye disputed among yourselves by the way?
9:34 Maar hulle het stilgebly; want hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is.	9:34 But they held their peace: for by the way they had disputed among themselves, who should be the greatest.
9:35 En toe Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees.	9:35 And he sat down, and called the twelve, and saith unto them, If any man desire to be first, the same shall be last of all, and servant of all.
9:36 En Hy neem 'n kindjie en laat hom in hul midde staan en slaan sy arms om hom en sê vir hulle:	9:36 And he took a child, and set him in the midst of them: and when he had taken him in his arms, he said unto them,
9:37 Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in my Naam, ontvang My. En elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het.	9:37 Whosoever shall receive one of such children in my name, receiveth me: and whosoever shall receive me, receiveth not me, but him that sent me.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>9:38Toe antwoord Johannes Hom en sê: Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdryf en wat ons nie volg nie; en ons het hom belet, omdat hy ons nie volg nie.</p>	<p>9:38 And John answered him, saying, Master, we saw one casting out devils in thy name, and he followeth not us: and we forbad him, because he followeth not us.</p>
<p>9:39Maar Jesus sê: Moet hom nie belet nie, want daar is niemand wat 'n krag in my Naam sal doen en gou van My sal kan kwaadspreek nie;</p>	<p>9:39 But Jesus said, Forbid him not: for there is no man which shall do a miracle in my name, that can lightly speak evil of me.</p>
<p>9:40want wie nie teen ons is nie, is vir ons.</p>	<p>9:40 For he that is not against us is on our part.</p>
<p>9:41Want elkeen wat vir julle in my Naam 'n beker water gee om te drink, omdat julle aan Christus behoort, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.</p>	<p>9:41 For whosoever shall give you a cup of water to drink in my name, because ye belong to Christ, verily I say unto you, he shall not lose his reward.</p>
<p>9:42En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word.</p>	<p>9:42 And whosoever shall offend one of these little ones that believe in me, it is better for him that a millstone were hanged about his neck, and he were cast into the sea.</p>
<p>9:43En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur,</p>	<p>9:43 And if thy hand offend thee, cut it off: it is better for thee to enter into life maimed, than having two hands to go into hell, into the fire that never shall be quenched:</p>
<p>9:44waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.</p>	<p>9:44 Where their worm dieth not, and the fire is not quenched.</p>
<p>9:45En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur,</p>	<p>9:45 And if thy foot offend thee, cut it off: it is better for thee to enter halt into life, than having two feet to be cast into hell, into the fire that never shall be quenched:</p>
<p>9:46waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.</p>	<p>9:46 Where their worm dieth not, and the fire is not quenched.</p>
<p>9:47En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word,</p>	<p>9:47 And if thine eye offend thee, pluck it out: it is better for thee to enter into the kingdom of God with one eye, than having two eyes to be cast into hell fire:</p>
<p>9:48waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.</p>	<p>9:48 Where their worm dieth not, and the fire is not quenched.</p>
<p>9:49Want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word.</p>	<p>9:49 For every one shall be salted with fire, and every sacrifice shall be salted with salt.</p>
<p>9:50Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak? Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar.</p>	<p>9:50 Salt is good: but if the salt have lost his saltness, wherewith will ye season it? Have salt in yourselves, and have peace one with another.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
Markus 10	Mark 10
10:1 En Hy het opgestaan en daarvandaan deur die oorkant van die Jordaan na die gebied van Judéa gegaan; en weer het 'n skare by Hom vergader; en soos Hy gewoon was, het Hy hulle weer geleer.	10:1 And he arose from thence, and cometh into the coasts of Judaea by the farther side of Jordan: and the people resort unto him again; and, as he was wont, he taught them again.
10:2 Toe kom die Fariseërs na Hom; en, om Hom te versoek, stel hulle Hom die vraag of dit 'n man geoorloof is om van sy vrou te skei?	10:2 And the Pharisees came to him, and asked him, Is it lawful for a man to put away his wife? tempting him.
10:3 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Wat het Moses julle beveel?	10:3 And he answered and said unto them, What did Moses command you?
10:4 En hulle sê: Moses het toegelaat om 'n skeibrief te skrywe en van haar te skei.	10:4 And they said, Moses suffered to write a bill of divorcement, and to put her away.
10:5 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie gebod geskrywe,	10:5 And Jesus answered and said unto them, For the hardness of your heart he wrote you this precept.
10:6 maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak.	10:6 But from the beginning of the creation God made them male and female.
10:7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef,	10:7 For this cause shall a man leave his father and mother, and cleave to his wife;
10:8 en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.	10:8 And they twain shall be one flesh: so then they are no more twain, but one flesh.
10:9 Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.	10:9 What therefore God hath joined together, let not man put asunder.
10:10 En in die huis het sy dissipels Hom weer oor dieselfde saak gevra.	10:10 And in the house his disciples asked him again of the same matter.
10:11 En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar;	10:11 And he saith unto them, Whosoever shall put away his wife, and marry another, committeth adultery against her.
10:12 en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk.	10:12 And if a woman shall put away her husband, and be married to another, she committeth adultery.
10:13 En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf.	10:13 And they brought young children to him, that he should touch them: and his disciples rebuked those that brought them.
10:14 Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.	10:14 But when Jesus saw it, he was much displeased, and said unto them, Suffer the little children to come unto me, and forbid them not: for of such is the kingdom of God.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
10:15 Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.	10:15 Verily I say unto you, Whosoever shall not receive the kingdom of God as a little child, he shall not enter therein.
10:16 En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.	10:16 And he took them up in his arms, put his hands upon them, and blessed them.
10:17 En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?	10:17 And when he was gone forth into the way, there came one running, and kneeled to him, and asked him, Good Master, what shall I do that I may inherit eternal life?
10:18 En Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God.	10:18 And Jesus said unto him, Why callest thou me good? there is none good but one, that is, God.
10:19 Jy ken die gebooië: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.	10:19 Thou knowest the commandments, Do not commit adultery, Do not kill, Do not steal, Do not bear false witness, Defraud not, Honour thy father and mother.
10:20 Maar hy antwoord en sê vir Hom: Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af.	10:20 And he answered and said unto him, Master, all these have I observed from my youth.
10:21 En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort—gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My.	10:21 Then Jesus beholding him loved him, and said unto him, One thing thou lackest: go thy way, sell whatsoever thou hast, and give to the poor, and thou shalt have treasure in heaven: and come, take up the cross, and follow me.
10:22 Maar hy het treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.	10:22 And he was sad at that saying, and went away grieved: for he had great possessions.
10:23 Toe kyk Jesus rond en sê vir sy dissipels: Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan!	10:23 And Jesus looked round about, and saith unto his disciples, How hardly shall they that have riches enter into the kingdom of God!
10:24 En die dissipels was verbaas oor sy woorde; maar Jesus antwoord weer en sê vir hulle: Kinders, hoe swaar is dit vir die wat op hulle goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan!	10:24 And the disciples were astonished at his words. But Jesus answereth again, and saith unto them, Children, how hard is it for them that trust in riches to enter into the kingdom of God!
10:25 Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.	10:25 It is easier for a camel to go through the eye of a needle, than for a rich man to enter into the kingdom of God.
10:26 En hulle was uitermate verslae en het vir mekaar gesê: Wie kan dan gered word?	10:26 And they were astonished out of measure, saying among themselves, Who then can be saved?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
10:27Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik.	10:27 And Jesus looking upon them saith, With men it is impossible, but not with God: for with God all things are possible.
10:28Toe begin Petrus vir Hom te sê: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.	10:28 Then Peter began to say unto him, Lo, we have left all, and have followed thee.
10:29En Jesus antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My en van die evangelie verlaat het nie,	10:29 And Jesus answered and said, Verily I say unto you, There is no man that hath left house, or brethren, or sisters, or father, or mother, or wife, or children, or lands, for my sake, and the gospel's,
10:30of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond, saam met vervolginge, en in die eeu wat kom, die ewige lewe.	10:30 But he shall receive an hundredfold now in this time, houses, and brethren, and sisters, and mothers, and children, and lands, with persecutions; and in the world to come eternal life.
10:31Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en die wat laaste is, eerste.	10:31 But many that are first shall be last; and the last first.
10:32En hulle was op die pad terwyl hulle opgaan na Jerusalem, en Jesus het voor hulle uit gegaan, en hulle was verbaas; en terwyl hulle volg, het hulle gevrees. En Hy het weer die twaalf by Hom geneem en aan hulle begin vertel die dinge wat met Hom sou gebeur.	10:32 And they were in the way going up to Jerusalem; and Jesus went before them: and they were amazed; and as they followed, they were afraid. And he took again the twelve, and began to tell them what things should happen unto him,
10:33Kyk, sê Hy, ons gaan op na Jerusalem, en die Seun van die mens sal oorlewer word aan die owerpriesters en die skrifgeleerdes, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom oorlewer aan die heidene;	10:33 Saying, Behold, we go up to Jerusalem; and the Son of man shall be delivered unto the chief priests, and unto the scribes; and they shall condemn him to death, and shall deliver him to the Gentiles:
10:34en hulle sal Hom bespot en Hom gésel en op Hom spuug en Hom doodmaak; en op die derde dag sal Hy opstaan.	10:34 And they shall mock him, and shall scourge him, and shall spit upon him, and shall kill him: and the third day he shall rise again.
10:35En Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedéüs, het na Hom gekom en gesê: Meester, ons wil hê dat U vir ons moet doen wat ons U ook al mag vra.	10:35 And James and John, the sons of Zebedee, come unto him, saying, Master, we would that thou shouldest do for us whatsoever we shall desire.
10:36En Hy sê vir hulle: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?	10:36 And he said unto them, What would ye that I should do for you?
10:37En hulle antwoord Hom: Gee aan ons dat ons mag sit in u heerlijkheid, een aan u regter— en een aan u linkerhand.	10:37 They said unto him, Grant unto us that we may sit, one on thy right hand, and the other on thy left hand, in thy glory.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>10:38Maar Jesus sê vir hulle: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?</p>	<p>10:38 But Jesus said unto them, Ye know not what ye ask: can ye drink of the cup that I drink of? and be baptized with the baptism that I am baptized with?</p>
<p>10:39En hulle antwoord Hom: Ons kan. Maar Jesus sê vir hulle: Dis waar, die beker wat Ek drink, sal julle drink, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word;</p>	<p>10:39 And they said unto him, We can. And Jesus said unto them, Ye shall indeed drink of the cup that I drink of; and with the baptism that I am baptized withal shall ye be baptized:</p>
<p>10:40maar om te sit aan my regter— en aan my linkerhand, berus nie by My om te gee nie, maar dit is vir hulle vir wie dit berei is.</p>	<p>10:40 But to sit on my right hand and on my left hand is not mine to give; but it shall be given to them for whom it is prepared.</p>
<p>10:41En toe die tien dit hoor, begin hulle verontwaardig te word oor Jakobus en Johannes.</p>	<p>10:41 And when the ten heard it, they began to be much displeased with James and John.</p>
<p>10:42Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen;</p>	<p>10:42 But Jesus called them to him, and saith unto them, Ye know that they which are accounted to rule over the Gentiles exercise lordship over them; and their great ones exercise authority upon them.</p>
<p>10:43maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.</p>	<p>10:43 But so shall it not be among you: but whosoever will be great among you, shall be your minister:</p>
<p>10:44En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees.</p>	<p>10:44 And whosoever of you will be the chiefest, shall be servant of all.</p>
<p>10:45Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.</p>	<p>10:45 For even the Son of man came not to be ministered unto, but to minister, and to give his life a ransom for many.</p>
<p>10:46En hulle het in Jérigo gekom. En toe Hy en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jérigo uitgaan, sit die blinde man, Bartiméüs, die seun van Timéüs, langs die pad en bedel.</p>	<p>10:46 And they came to Jericho: and as he went out of Jericho with his disciples and a great number of people, blind Bartimaeus, the son of Timaeus, sat by the highway side begging.</p>
<p>10:47En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!</p>	<p>10:47 And when he heard that it was Jesus of Nazareth, he began to cry out, and say, Jesus, thou son of David, have mercy on me.</p>
<p>10:48En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig!</p>	<p>10:48 And many charged him that he should hold his peace: but he cried the more a great deal, Thou son of David, have mercy on me.</p>
<p>10:49Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.</p>	<p>10:49 And Jesus stood still, and commanded him to be called. And they call the blind man, saying unto him, Be of good comfort, rise; he calleth thee.</p>
<p>10:50En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe.</p>	<p>10:50 And he, casting away his garment, rose, and came to Jesus.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
10:51 En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.	10:51 And Jesus answered and said unto him, What wilt thou that I should do unto thee? The blind man said unto him, Lord, that I might receive my sight.
10:52 En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.	10:52 And Jesus said unto him, Go thy way; thy faith hath made thee whole. And immediately he received his sight, and followed Jesus in the way.
Markus 11	Mark 11
11:1 En toe hulle naby Jerusalem kom, by Bétfagé en Betánië, aan die Olyfberg, stuur Hy twee van sy dissipels uit	11:1 And when they came nigh to Jerusalem, unto Bethphage and Bethany, at the mount of Olives, he sendeth forth two of his disciples,
11:2 en sê vir hulle: Gaan na daardie dorp reg voor julle; en dadelik as julle daar inkom, sal julle 'n eselsvul vind wat vasgemaak is, waar geen mens op gesit het nie. Maak hom los en bring hom.	11:2 And saith unto them, Go your way into the village over against you: and as soon as ye be entered into it, ye shall find a colt tied, whereon never man sat; loose him, and bring him.
11:3 En as iemand vir julle sê: Waarom doen julle dit? moet julle antwoord: Die Here het hom nodig; en dadelik sal hy hom hierheen stuur.	11:3 And if any man say unto you, Why do ye this? say ye that the Lord hath need of him; and straightway he will send him hither.
11:4 En hulle het gegaan en die vul by die deur, buite op die straat, vasgemaak gevind en hom losgemaak.	11:4 And they went their way, and found the colt tied by the door without in a place where two ways met; and they loose him.
11:5 Daarop sê sommige van die wat daar staan, vir hulle: Wat maak julle dat julle die vul losmaak?	11:5 And certain of them that stood there said unto them, What do ye, loosing the colt?
11:6 En hulle antwoord hul soos Jesus beveel het. Toe laat hulle hul begaan.	11:6 And they said unto them even as Jesus had commanded: and they let them go.
11:7 En hulle het die vul na Jesus gebring en hulle klere daarop gelê, en Hy het op hom gaan sit.	11:7 And they brought the colt to Jesus, and cast their garments on him; and he sat upon him.
11:8 Toe gooi baie mense hulle klere op die pad oop, en ander kap takke van die bome af en strooi dit op die pad.	11:8 And many spread their garments in the way: and others cut down branches off the trees, and strawed them in the way.
11:9 En die wat voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!	11:9 And they that went before, and they that followed, cried, saying, Hosanna; Blessed is he that cometh in the name of the Lord:
11:10 Geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam van die Here, die koninkryk van ons vader Dawid! Hosanna in die hoogste hemele!	11:10 Blessed be the kingdom of our father David, that cometh in the name of the Lord: Hosanna in the highest.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>11:11 En Jesus het in Jerusalem gekom en in die tempel. En nadat Hy alles rondom bekyk het, en omdat dit al aand was, het Hy met die twaalf uitgegaan na Betánië.</p>	<p>11:11 And Jesus entered into Jerusalem, and into the temple: and when he had looked round about upon all things, and now the eventide was come, he went out unto Bethany with the twelve.</p>
<p>11:12 En die volgende dag, onderwyl hulle uit Betánië gaan, het Hy honger gehad;</p>	<p>11:12 And on the morrow, when they were come from Bethany, he was hungry:</p>
<p>11:13 en toe Hy op 'n afstand 'n vyeboom met blare sien, het Hy daarheen gegaan in die hoop om iets daaraan te vind; en toe Hy daarby kom, vind Hy niks as blare nie, want dit was nie die tyd van vye nie.</p>	<p>11:13 And seeing a fig tree afar off having leaves, he came, if haply he might find any thing thereon: and when he came to it, he found nothing but leaves; for the time of figs was not yet.</p>
<p>11:14 En Jesus spreek en sê vir hom: Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie! En sy dissipels het dit gehoor.</p>	<p>11:14 And Jesus answered and said unto it, No man eat fruit of thee hereafter for ever. And his disciples heard it.</p>
<p>11:15 En hulle het in Jerusalem gekom; en toe Jesus in die tempel ingaan, begin Hy om die wat in die tempel verkoop en koop, uit te jaag; en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi;</p>	<p>11:15 And they come to Jerusalem: and Jesus went into the temple, and began to cast out them that sold and bought in the temple, and overthrew the tables of the moneychangers, and the seats of them that sold doves;</p>
<p>11:16 en Hy het niemand toegelaat om enige voorwerp deur die tempel te dra nie.</p>	<p>11:16 And would not suffer that any man should carry any vessel through the temple.</p>
<p>11:17 En Hy het geleer en vir hulle gesê: Is daar nie geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies nie? Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.</p>	<p>11:17 And he taught, saying unto them, Is it not written, My house shall be called of all nations the house of prayer? but ye have made it a den of thieves.</p>
<p>11:18 En die skrifgeleerdes en die owerpriesters het dit gehoor en gesoek hoe hulle Hom kon ombring; want hulle was bang vir Hom, omdat die hele skare verslae was oor sy leer.</p>	<p>11:18 And the scribes and chief priests heard it, and sought how they might destroy him: for they feared him, because all the people was astonished at his doctrine.</p>
<p>11:19 En toe dit laat word, het Hy uitgegaan buitekant die stad.</p>	<p>11:19 And when even was come, he went out of the city.</p>
<p>11:20 En toe hulle vroeg in die môre verbygaan, sien hulle die vyeboom, verdroog van die wortels af.</p>	<p>11:20 And in the morning, as they passed by, they saw the fig tree dried up from the roots.</p>
<p>11:21 En Petrus het onthou en vir Hom gesê: Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.</p>	<p>11:21 And Peter calling to remembrance saith unto him, Master, behold, the fig tree which thou cursedst is withered away.</p>
<p>11:22 Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.</p>	<p>11:22 And Jesus answering saith unto them, Have faith in God.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>11:23Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—hy sal verkry net wat hy sê.</p>	<p>11:23 For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith.</p>
<p>11:24Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.</p>	<p>11:24 Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.</p>
<p>11:25En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.</p>	<p>11:25 And when ye stand praying, forgive, if ye have ought against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses.</p>
<p>11:26Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.</p>	<p>11:26 But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.</p>
<p>11:27En hulle het weer in Jerusalem gekom. En terwyl Hy in die tempel rondwandel, kom die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die ouderlinge na Hom</p>	<p>11:27 And they come again to Jerusalem: and as he was walking in the temple, there come to him the chief priests, and the scribes, and the elders,</p>
<p>11:28en sê vir Hom: Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U dié gesag gegee om dit te doen?</p>	<p>11:28 And say unto him, By what authority doest thou these things? and who gave thee this authority to do these things?</p>
<p>11:29En Jesus antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra, en antwoord julle My, dan sal Ek julle vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen.</p>	<p>11:29 And Jesus answered and said unto them, I will also ask of you one question, and answer me, and I will tell you by what authority I do these things.</p>
<p>11:30Die doop van Johannes, was dit uit die hemel of uit mense? Antwoord My.</p>	<p>11:30 The baptism of John, was it from heaven, or of men? answer me.</p>
<p>11:31En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel—sal Hy sê: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?</p>	<p>11:31 And they reasoned with themselves, saying, If we shall say, From heaven; he will say, Why then did ye not believe him?</p>
<p>11:32Maar as ons sê: Uit mense—dan was hulle vir die volk bang, want almal het gedink dat Johannes werklik 'n profeet was.</p>	<p>11:32 But if we shall say, Of men; they feared the people: for all men counted John, that he was a prophet indeed.</p>
<p>11:33En hulle antwoord en sê vir Jesus: Ons weet nie. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.</p>	<p>11:33 And they answered and said unto Jesus, We cannot tell. And Jesus answering saith unto them, Neither do I tell you by what authority I do these things.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
Markus 12	Mark 12
12:1 Toe begin Hy deur gelykenisse vir hulle te sê: 'n Man het 'n wingerd geplant en 'n heining daarom gesit en 'n parskuip gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan.	12:1 And he began to speak unto them by parables. A certain man planted a vineyard, and set an hedge about it, and digged a place for the winefat, and built a tower, and let it out to husbandmen, and went into a far country.
12:2 En op die regte tyd het hy 'n dienskneg na die landbouers gestuur om van die landbouers uit die vrug van die wingerd te ontvang;	12:2 And at the season he sent to the husbandmen a servant, that he might receive from the husbandmen of the fruit of the vineyard.
12:3 maar hulle het hom geneem en geslaan en hom met leë hande weggestuur.	12:3 And they caught him, and beat him, and sent him away empty.
12:4 En weer het hy 'n ander dienskneg na hulle gestuur; en hom het hulle gestenig en aan die hoof gewond, hom skandelik behandel en teruggestuur.	12:4 And again he sent unto them another servant; and at him they cast stones, and wounded him in the head, and sent him away shamefully handled.
12:5 En weer het hy 'n ander een gestuur, en hom het hulle doodgemaak; ook baie ander—sommige het hulle geslaan en ander doodgemaak.	12:5 And again he sent another; and him they killed, and many others; beating some, and killing some.
12:6 Hy het toe nog een seun gehad, sy geliefde, en hom die laaste na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.	12:6 Having yet therefore one son, his wellbeloved, he sent him also last unto them, saying, They will reverence my son.
12:7 Maar daardie landbouers het by hulleself gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak, en die erfdeel sal ons s'n wees.	12:7 But those husbandmen said among themselves, This is the heir; come, let us kill him, and the inheritance shall be ours.'
12:8 En hulle het hom geneem en doodgemaak en buitekant die wingerd uitgewerp.	12:8 And they took him, and killed him, and cast him out of the vineyard.
12:9 Wat sal die eienaar van die wingerd dan doen? Hy sal kom en die landbouers ombring en die wingerd aan ander gee.	12:9 What shall therefore the lord of the vineyard do? he will come and destroy the husbandmen, and will give the vineyard unto others.
12:10 Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?	12:10 And have ye not read this scripture; The stone which the builders rejected is become the head of the corner:
12:11 Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë.	12:11 This was the Lord's doing, and it is marvellous in our eyes?
12:12 En hulle het probeer om Hom in die hande te kry, maar was bang vir die skare, want hulle het begryp dat Hy die gelykenis met die oog op hulle uitgespreek het. Daarop het hulle Hom verlaat en weggegaan.	12:12 And they sought to lay hold on him, but feared the people: for they knew that he had spoken the parable against them: and they left him, and went their way.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
12:13 Toe stuur hulle na Hom sommige van die Fariseërs en van die Herodiane om Hom op 'n woord te betrap.	12:13 And they send unto him certain of the Pharisees and of the Herodians, to catch him in his words.
12:14 En hulle kom en sê vir Hom: Meester, ons weet dat U waaragtig is en U aan niemand steur nie; want U sien nie die persoon van mense aan nie, maar U leer die weg van God in waarheid. Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie? Moet ons betaal of moet ons nie betaal nie?	12:14 And when they were come, they say unto him, Master, we know that thou art true, and carest for no man: for thou regardest not the person of men, but teachest the way of God in truth: Is it lawful to give tribute to Caesar, or not?
12:15 Maar Hy het hulle geveinsdheid geken en vir hulle gesê: Waarom versoek julle My? Bring vir My 'n penning, dat Ek dit kan sien.	12:15 Shall we give, or shall we not give? But he, knowing their hypocrisy, said unto them, Why tempt ye me? bring me a penny, that I may see it.
12:16 En hulle het dit gebring. En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit? En hulle antwoord Hom: Die keiser s'n.	12:16 And they brought it. And he saith unto them, Whose is this image and superscription? And they said unto him, Caesar's.
12:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom. En hulle was verwonderd oor Hom.	12:17 And Jesus answering said unto them, Render to Caesar the things that are Caesar's, and to God the things that are God's. And they marvelled at him.
12:18 Toe kom daar Sadduseërs na Hom, die wat sê dat daar geen opstanding is nie, en hulle vra Hom en sê:	12:18 Then come unto him the Sadducees, which say there is no resurrection; and they asked him, saying,
12:19 Meester, Moses het ons voorgeskrywe: As iemand se broer sterwe en 'n vrou agterlaat en geen kinders nalaat nie, moet sy broer sy vrou neem en kinders vir sy broer verwek.	12:19 Master, Moses wrote unto us, If a man's brother die, and leave his wife behind him, and leave no children, that his brother should take his wife, and raise up seed unto his brother.
12:20 Nou was daar sewe broers, en die eerste het 'n vrou geneem en gesterwe sonder om kinders na te laat.	12:20 Now there were seven brethren: and the first took a wife, and dying left no seed.
12:21 En die tweede het haar geneem en gesterwe, en hy het ook geen kinders nagelaat nie; en die derde net so.	12:21 And the second took her, and died, neither left he any seed: and the third likewise.
12:22 En al sewe het haar geneem en geen kinders nagelaat nie. Laaste van almal het die vrou ook gesterwe.	12:22 And the seven had her, and left no seed: last of all the woman died also.
12:23 In die opstanding dan, wanneer hulle opstaan, wie van hulle se vrou sal sy wees? — want al sewe het haar as vrou gehad.	12:23 In the resurrection therefore, when they shall rise, whose wife shall she be of them? for the seven had her to wife.
12:24 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Is dit nie daarom dat julle dwaal dat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie?	12:24 And Jesus answering said unto them, Do ye not therefore err, because ye know not the scriptures, neither the power of God?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
12:25Want wanneer hulle uit die dode opstaan, trou hulle nie en word hulle nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele wat in die hemele is.	12:25 For when they shall rise from the dead, they neither marry, nor are given in marriage; but are as the angels which are in heaven.
12:26En wat die dode betref, dat hulle opstaan—het julle nie gelees in die boek van Moses, in die gedeelte oor die doringbos, hoe God vir hom gesê het: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob nie?	12:26 And as touching the dead, that they rise: have ye not read in the book of Moses, how in the bush God spake unto him, saying, I am the God of Abraham, and the God of Isaac, and the God of Jacob?
12:27God is nie 'n God van dooies nie, maar 'n God van lewendes. Julle dwaal dus grootliks.	12:27 He is not the God of the dead, but the God of the living: ye therefore do greatly err.
12:28En toe een van die skrifgeleerdes wat bygekom het, hulle hoor redetwis, en wis dat Hy hulle goed geantwoord het, vra hy vir Hom: Wat is die eerste gebod van almal?	12:28 And one of the scribes came, and having heard them reasoning together, and perceiving that he had answered them well, asked him, Which is the first commandment of all?
12:29En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooe is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here;	12:29 And Jesus answered him, The first of all the commandments is, Hear, O Israel; The Lord our God is one Lord:
12:30en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.	12:30 And thou shalt love the Lord thy God with all thy heart, and with all thy soul, and with all thy mind, and with all thy strength: this is the first commandment.
12:31En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.	12:31 And the second is like, namely this, Thou shalt love thy neighbour as thyself. There is none other commandment greater than these.
12:32En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie;	12:32 And the scribe said unto him, Well, Master, thou hast said the truth: for there is one God; and there is none other but he:
12:33en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers.	12:33 And to love him with all the heart, and with all the understanding, and with all the soul, and with all the strength, and to love his neighbour as himself, is more than all whole burnt offerings and sacrifices.
12:34Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. En niemand het dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.	12:34 And when Jesus saw that he answered discreetly, he said unto him, Thou art not far from the kingdom of God. And no man after that durst ask him any question.
12:35En terwyl Jesus in die tempel leer, antwoord Hy en sê: Hoe sê die skrifgeleerdes dat die Christus die seun van Dawid is?	12:35 And Jesus answered and said, while he taught in the temple, How say the scribes that Christ is the son of David?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
12:36Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.	12:36 For David himself said by the Holy Ghost, The Lord said to my Lord, Sit thou on my right hand, till I make thine enemies thy footstool.
12:37Dawid self noem Hom dus Here; waarvandaan is Hy dan sy seun? En die groot menigte het graag na Hom geluister.	12:37 David therefore himself calleth him Lord; and whence is he then his son? And the common people heard him gladly.
12:38En Hy het aan hulle in sy onderrig gesê: Pas op vir die skrifgeleerdes wat graag in lang klere rondloop en van begroetinge op die markte hou	12:38 And he said unto them in his doctrine, Beware of the scribes, which love to go in long clothing, and love salutations in the marketplaces,
12:39en van die voorste banke in die sinagoges en die voorste plekke by die maaltye—	12:39 And the chief seats in the synagogues, and the uppermost rooms at feasts:
12:40hulle wat die huise van die weduwees opeet en vir die skyn lang gebede doen. Hulle sal 'n swaarder oordeel ontvang.	12:40 Which devour widows' houses, and for a pretence make long prayers: these shall receive greater damnation.
12:41En Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die skare geld in die skatkis gooi. En baie rykes het veel ingegooi.	12:41 And Jesus sat over against the treasury, and beheld how the people cast money into the treasury: and many that were rich cast in much.
12:42En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukies in, dit is 'n oortjie.	12:42 And there came a certain poor widow, and she threw in two mites, which make a farthing.
12:43Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het.	12:43 And he called unto him his disciples, and saith unto them, Verily I say unto you, That this poor widow hath cast more in, than all they which have cast into the treasury:
12:44Want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi; maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud	12:44 For all they did cast in of their abundance; but she of her want did cast in all that she had, even all her living.
Markus 13	Mark 13
13:1 En toe Hy uit die tempel uitgaan, sê een van sy dissipels vir Hom: Meester, kyk watter klippe en watter geboue!	13:1 And as he went out of the temple, one of his disciples saith unto him, Master, see what manner of stones and what buildings are here!
13:2 En Jesus antwoord en sê vir hom: Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!	13:2 And Jesus answering said unto him, Seest thou these great buildings? there shall not be left one stone upon another, that shall not be thrown down.
13:3 En toe Hy gaan sit het op die Olyfberg, regoor die tempel, vra Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas Hom afsonderlik:	13:3 And as he sat upon the mount of Olives over against the temple, Peter and James and John and Andrew asked him privately,

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
13:4 Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken wanneer al hierdie dinge volbring word?	13:4 Tell us, when shall these things be? and what shall be the sign when all these things shall be fulfilled?
13:5 En Jesus antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie.	13:5 And Jesus answering them began to say, Take heed lest any man deceive you:
13:6 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! En hulle sal baie mense mislei.	13:6 For many shall come in my name, saying, I am Christ; and shall deceive many.
13:7 Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie.	13:7 And when ye shall hear of wars and rumours of wars, be ye not troubled: for such things must needs be; but the end shall not be yet.
13:8 Want die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander; en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnood wees en beroeringe. Hierdie dinge is 'n begin van die smarte.	13:8 For nation shall rise against nation, and kingdom against kingdom: and there shall be earthquakes in divers places, and there shall be famines and troubles: these are the beginnings of sorrows.
13:9 Maar wees julle vir julleself op die hoede, want hulle sal julle oorlewer aan regbanke, en in sinagoges sal julle geslaan word en voor goewerneurs en konings gebring word om My ontwil, vir hulle tot 'n getuienis.	13:9 But take heed to yourselves: for they shall deliver you up to councils; and in the synagogues ye shall be beaten: and ye shall be brought before rulers and kings for my sake, for a testimony against them.
13:10 En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.	13:10 And the gospel must first be published among all nations.
13:11 En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal sreek nie, en moenie daarvoor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle sreek; want dit is nie julle wat sreek nie, maar die Heilige Gees.	13:11 But when they shall lead you, and deliver you up, take no thought beforehand what ye shall speak, neither do ye premeditate: but whatsoever shall be given you in that hour, that speak ye: for it is not ye that speak, but the Holy Ghost.
13:12 En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.	13:12 Now the brother shall betray the brother to death, and the father the son; and children shall rise up against their parents, and shall cause them to be put to death.
13:13 En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.	13:13 And ye shall be hated of all men for my name's sake: but he that shall endure unto the end, the same shall be saved.
13:14 En wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan waar dit nie behoort nie—laat hom wat lees, oplet—dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug;	13:14 But when ye shall see the abomination of desolation, spoken of by Daniel the prophet, standing where it ought not, (let him that readeth understand,) then let them that be in Judaea flee to the mountains:

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
13:15 en wie op die dak is, moet nie afkom in die huis en ook nie ingaan om iets uit sy huis weg te neem nie;	13:15 And let him that is on the housetop not go down into the house, neither enter therein, to take any thing out of his house:
13:16 en wie op die land is, moet nie omdraai na wat agter is om sy kleed weg te neem nie.	13:16 And let him that is in the field not turn back again for to take up his garment.
13:17Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae!	13:17 But woe to them that are with child, and to them that give suck in those days!
13:18En bid dat julle vlug nie in die winter mag plaasvind nie.	13:18 And pray ye that your flight be not in the winter.
13:19Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie.	13:19 For in those days shall be affliction, such as was not from the beginning of the creation which God created unto this time, neither shall be.
13:20En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort.	13:20 And except that the Lord had shortened those days, no flesh should be saved: but for the elect's sake, whom he hath chosen, he hath shortened the days.
13:21En as iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Kyk, daar! —moet dit nie glo nie.	13:21 And then if any man shall say to you, Lo, here is Christ; or, lo, he is there; believe him not:
13:22Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.	13:22 For false Christs and false prophets shall rise, and shall shew signs and wonders, to seduce, if it were possible, even the elect.
13:23Maar julle moet op jul hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê.	13:23 But take ye heed: behold, I have foretold you all things.
13:24Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie,	13:24 But in those days, after that tribulation, the sun shall be darkened, and the moon shall not give her light,
13:25en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word.	13:25 And the stars of heaven shall fall, and the powers that are in heaven shall be shaken.
13:26En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid.	13:26 And then shall they see the Son of man coming in the clouds with great power and glory.
13:27En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.	13:27 And then shall he send his angels, and shall gather together his elect from the four winds, from the uttermost part of the earth to the uttermost part of heaven.
13:28En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.	13:28 Now learn a parable of the fig tree; When her branch is yet tender, and putteth forth leaves, ye know that summer is near:

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
13:29 So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, dat dit naby is, voor die deur.	13:29 So ye in like manner, when ye shall see these things come to pass, know that it is nigh, even at the doors.
13:30 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.	13:30 Verily I say unto you, that this generation shall not pass, till all these things be done.
13:31 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.	13:31 Heaven and earth shall pass away: but my words shall not pass away.
13:32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.	13:32 But of that day and that hour knoweth no man, no, not the angels which are in heaven, neither the Son, but the Father.
13:33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.	13:33 Take ye heed, watch and pray: for ye know not when the time is.
13:34 Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak.	13:34 For the Son of Man is as a man taking a far journey, who left his house, and gave authority to his servants, and to every man his work, and commanded the porter to watch.
13:35 Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie;	13:35 Watch ye therefore: for ye know not when the master of the house cometh, at even, or at midnight, or at the cockcrowing, or in the morning:
13:36 dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie.	13:36 Lest coming suddenly he find you sleeping.
13:37 En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!	13:37 And what I say unto you I say unto all, Watch.
Markus 14	Mark 14
14:1 En die pasga en die fees van die ongesuurde brode sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak.	14:1 After two days was the feast of the passover, and of unleavened bread: and the chief priests and the scribes sought how they might take him by craft, and put him to death.
14:2 Maar hulle het gesê: Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien 'n oproer onder die volk kom nie.	14:2 But they said, Not on the feast day, lest there be an uproar of the people.
14:3 En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar 'n vrou met 'n albaste fles met egte, baie kosbare nardussalf; en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit.	14:3 And being in Bethany in the house of Simon the leper, as he sat at meat, there came a woman having an alabaster box of ointment of spikenard very precious; and she brake the box, and poured it on his head.
14:4 En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind?	14:4 And there were some that had indignation within themselves, and said, Why was this waste of the ointment made?

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
14:5 Want dit kon vir meer as drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar.	14:5 For it might have been sold for more than three hundred pence, and have been given to the poor. And they murmured against her.
14:6 Maar Jesus sê: Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen.	14:6 And Jesus said, Let her alone; why trouble ye her? she hath wrought a good work on me.
14:7 Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie.	14:7 For ye have the poor with you always, and whensoever ye will ye may do them good: but me ye have not always.
14:8 Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf.	14:8 She hath done what she could: she is come aforehand to anoint my body to the burying.
14:9 Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gesprek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar.	14:9 Verily I say unto you, Wheresoever this gospel shall be preached throughout the whole world, this also that she hath done shall be spoken of for a memorial of her.
14:10 En Judas Iskariot, een van die twaalf, het na die owerpriesters gegaan om Hom aan hulle oor te lewer.	14:10 And Judas Iscariot, one of the twelve, went unto the chief priests, to betray him unto them.
14:11 En toe hulle dit hoor, was hulle bly en het belowe om hom geld te gee. En hy het na 'n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.	14:11 And when they heard it, they were glad, and promised to give him money. And he sought how he might conveniently betray him.
14:12 En op die eerste dag van die ongesuurde brode, wanneer hulle gewoonlik die pasga geslag het, sê sy dissipels vir Hom: Waar wil U hê moet ons gaan klaarmaak, dat U die pasga kan eet?	14:12 And the first day of unleavened bread, when they killed the passover, his disciples said unto him, Where wilt thou that we go and prepare that thou mayest eat the passover?
14:13 En Hy stuur twee van sy dissipels en sê vir hulle: Gaan na die stad toe; en 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle tegemoetkom. Volg hom,	14:13 And he sendeth forth two of his disciples, and saith unto them, Go ye into the city, and there shall meet you a man bearing a pitcher of water: follow him.
14:14 en waar hy ook mag ingaan, moet julle vir die eienaar van die huis sê: Die Meester laat weet: Waar is die kamer waar Ek met my dissipels die pasga kan eet?	14:14 And wheresoever he shall go in, say ye to the goodman of the house, The Master saith, Where is the guestchamber, where I shall eat the passover with my disciples?
14:15 En hy sal julle 'n groot bovertrek wys, in gereedheid gebring. Daar moet julle vir ons klaarmaak.	14:15 And he will shew you a large upper room furnished and prepared: there make ready for us.
14:16 En sy dissipels het gegaan en in die stad gekom en dit gevind soos Hy vir hulle gesê het; en hulle het die pasga toeberei.	14:16 And his disciples went forth, and came into the city, and found as he had said unto them: and they made ready the passover.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
14:17En toe dit aand geword het, kom Hy met die twaalf.	14:17 And in the evening he cometh with the twelve.
14:18En terwyl hulle aan tafel was en eet, sê Jesus: Voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraa, een wat saam met My eet.	14:18 And as they sat and did eat, Jesus said, Verily I say unto you, One of you which eateth with me shall betray me.
14:19Toe het hulle begin om bedroef te word en een vir een aan Hom te sê: Is dit miskien Ek? En 'n ander een: Is dit miskien ek?	14:19 And they began to be sorrowful, and to say unto him one by one, Is it I? and another said, Is it I?
14:20En Hy antwoord en sê vir hulle: Dit is een van die twaalf wat saam met My sy hand in die skottel insteek.	14:20 And he answered and said unto them, It is one of the twelve, that dippeth with me in the dish.
14:21Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe is; maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens verraa word! Dit sou vir hom goed gewees het as daardie man nie gebore was nie.	14:21 The Son of man indeed goeth, as it is written of him: but woe to that man by whom the Son of man is betrayed! good were it for that man if he had never been born.
14:22En terwyl hulle eet, neem Jesus brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.	14:22 And as they did eat, Jesus took bread, and blessed, and brake it, and gave to them, and said, Take, eat: this is my body.
14:23Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle, en hulle het almal daaruit gedrink.	14:23 And he took the cup, and when he had given thanks, he gave it to them: and they all drank of it.
14:24En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word.	14:24 And he said unto them, This is my blood of the new testament, which is shed for many.
14:25Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal nooit meer van die vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut sal drink in die koninkryk van God.	14:25 Verily I say unto you, I will drink no more of the fruit of the vine, until that day that I drink it new in the kingdom of God.
14:26En toe hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg.	14:26 And when they had sung an hymn, they went out into the mount of Olives.
14:27Toe sê Jesus vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My; want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape sal verstrooi word.	14:27 And Jesus saith unto them, All ye shall be offended because of me this night: for it is written, I will smite the shepherd, and the sheep shall be scattered.
14:28Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan.	14:28 But after that I am risen, I will go before you into Galilee.
14:29En Petrus sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie.	14:29 But Peter said unto him, Although all shall be offended, yet will not I.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
14:30Daarop sê Jesus vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag, voordat die haan twee maal gekraai het, sal jy My drie maal verloën.	14:30 And Jesus saith unto him, Verily I say unto thee, That this day, even in this night, before the cock crow twice, thou shalt deny me thrice.
14:31Maar hy het nog baie meer aangehou en gesê: Al moes ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! En net so het almal ook gesê.	14:31 But he spake the more vehemently, If I should die with thee, I will not deny thee in any wise. Likewise also said they all.
14:32Toe kom hulle in 'n plek waarvan die naam Getsémané was. En Hy sê vir sy dissipels: Sit hier onderwyl Ek gaan bid.	14:32 And they came to a place which was named Gethsemane: and he saith to his disciples, Sit ye here, while I shall pray.
14:33En Hy neem Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom en begin ontsteld en benoud te word.	14:33 And he taketh with him Peter and James and John, and began to be sore amazed, and to be very heavy;
14:34En Hy sê vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak.	14:34 And saith unto them, My soul is exceeding sorrowful unto death: tarry ye here, and watch.
14:35En toe Hy 'n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan.	14:35 And he went forward a little, and fell on the ground, and prayed that, if it were possible, the hour might pass from him.
14:36En Hy sê: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.	14:36 And he said, Abba, Father, all things are possible unto thee; take away this cup from me: nevertheless not what I will, but what thou wilt.
14:37En Hy kom en vind hulle aan die slaap en sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?	14:37 And he cometh, and findeth them sleeping, and saith unto Peter, Simon, sleepest thou? couldest not thou watch one hour?
14:38Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.	14:38 Watch ye and pray, lest ye enter into temptation. The spirit truly is ready, but the flesh is weak.
14:39Hy gaan toe weer weg en bid dieselfde woorde.	14:39 And again he went away, and prayed, and spake the same words.
14:40En toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar; en hulle het nie geweet wat om Hom te antwoord nie.	14:40 And when he returned, he found them asleep again, (for their eyes were heavy,) neither wist they what to answer him.
14:41En Hy kom vir die derde keer en sê aan hulle: Slaap maar voort en rus. Dit is genoeg; die uur het gekom. Kyk, die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van die sondaars.	14:41 And he cometh the third time, and saith unto them, Sleep on now, and take your rest: it is enough, the hour is come; behold, the Son of man is betrayed into the hands of sinners.
14:42Staan op, laat ons gaan; kyk, hy is naby wat My verraaai.	14:42 Rise up, let us go; lo, he that betrayeth me is at hand.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
14:43En dadelik, terwyl Hy nog spreek, verskyn Judas wat een van die twaalf was, en saam met hom 'n groot menigte met swaarde en stokke, gestuur deur die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die ouderlinge.	14:43 And immediately, while he yet spake, cometh Judas, one of the twelve, and with him a great multitude with swords and staves, from the chief priests and the scribes and the elders.
14:44En sy verraaier het 'n teken met hulle afgespreek en gesê: Die een wat ek sal soen—dit is Hy; gryp Hom en neem Hom met sekerheid weg.	14:44 And he that betrayed him had given them a token, saying, Whomsoever I shall kiss, that same is he; take him, and lead him away safely.
14:45En toe hy kom, gaan hy dadelik na Hom en sê: Rabbi, Rabbi! en soen Hom.	14:45 And as soon as he was come, he goeth straightway to him, and saith, Master, master; and kissed him.
14:46Daarop slaan hulle hul hande aan Hom en gryp Hom.	14:46 And they laid their hands on him, and took him.
14:47En een van die wat daar gestaan het, het sy swaard uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy oor afgekap.	14:47 And one of them that stood by drew a sword, and smote a servant of the high priest, and cut off his ear.
14:48En Jesus antwoord en sê vir hulle: Het julle soos teen 'n rower uitgetrek met swaarde en stokke om My gevange te neem?	14:48 And Jesus answered and said unto them, Are ye come out, as against a thief, with swords and with staves to take me?
14:49Dag vir dag was Ek by julle in die tempel besig om te leer, en julle het My nie gegryp nie. Maar die Skrifte moes vervul word.	14:49 I was daily with you in the temple teaching, and ye took me not: but the scriptures must be fulfilled.
14:50Toe het almal Hom verlaat en gevlug.	14:50 And they all forsook him, and fled.
14:51En 'n sekere jongman met 'n linnedoek om sy naakte lyf het Hom gevolg; en die jongmanne het hom gegryp;	14:51 And there followed him a certain young man, having a linen cloth cast about his naked body; and the young men laid hold on him:
14:52maar hy het die linnedoek laat staan en naak van hulle weggevlug.	14:52 And he left the linen cloth, and fled from them naked.
14:53En hulle het Jesus weggelei na die hoëpriester. En al die owerpriesters en die ouderlinge en die skrifgeleerdes het by hom vergader.	14:53 And they led Jesus away to the high priest: and with him were assembled all the chief priests and the elders and the scribes.
14:54En Petrus het Hom van ver af gevolg tot binne-in die paleis van die hoëpriester, en het saam met die dienaars gesit en hom by die vuur warm gemaak.	14:54 And Peter followed him afar off, even into the palace of the high priest: and he sat with the servants, and warmed himself at the fire.
14:55En die owerpriesters en die hele Raad het getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak, en hulle het niks gevind nie;	14:55 And the chief priests and all the council sought for witness against Jesus to put him to death; and found none.
14:56want baie het vals teen Hom getuig en die getuienisse was nie eenders nie.	14:56 For many bare false witness against him, but their witness agreed not together.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
14:57En sommige het opgestaan en vals teen Hom getuig en gesê:	14:57 And there arose certain, and bare false witness against him, saying,
14:58Ons het Hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een opbou wat nie met hande gemaak is nie.	14:58 We heard him say, I will destroy this temple that is made with hands, and within three days I will build another made without hands.
14:59En selfs so was hulle getuienis nie eenders nie.	14:59 But neither so did their witness agree together.
14:60Toe staan die hoëpriester in hul midde op en vra Jesus en sê: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U?	14:60 And the high priest stood up in the midst, and asked Jesus, saying, Answerest thou nothing? what is it which these witness against thee?
14:61Maar Hy het stilgebly en geen antwoord gegee nie. Weer stel die hoëpriester Hom die vraag en sê vir Hom: Is U die Christus, die Seun van die geseënde God?	14:61 But he held his peace, and answered nothing. Again the high priest asked him, and said unto him, Art thou the Christ, the Son of the Blessed?
14:62En Jesus sê: Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel.	14:62 And Jesus said, I am: and ye shall see the Son of man sitting on the right hand of power, and coming in the clouds of heaven.
14:63Toe skeur die hoëpriester sy klere en sê: Wat het ons nog getuies nodig!	14:63 Then the high priest rent his clothes, and saith, What need we any further witnesses?
14:64Julle het die godslastering gehoor; wat dink julle? En hulle het almal Hom veroordeel dat Hy die dood skuldig was.	14:64 Ye have heard the blasphemy: what think ye? And they all condemned him to be guilty of death.
14:65En sommige het begin om op Hom te spuug en sy aangesig toe te maak en Hom met die vuus te slaan en vir Hom te sê: Profeteer! En die dienaars het Hom met stokke geslaan.	14:65 And some began to spit on him, and to cover his face, and to buffet him, and to say unto him, Prophecy: and the servants did strike him with the palms of their hands.
14:66En terwyl Petrus onder in die binneplaas was, kom daar een van die diensmeisies van die hoëpriester,	14:66 And as Peter was beneath in the palace, there cometh one of the maids of the high priest:
14:67en toe sy Petrus sien, besig om hom warm te maak, kyk sy na hom en sê: Jy was ook by die Nasaréner, Jesus.	14:67 And when she saw Peter warming himself, she looked upon him, and said, And thou also wast with Jesus of Nazareth.
14:68Maar hy het dit ontken en gesê: Ek weet nie en begryp nie wat jy sê nie. En hy het buite na die voorplein gegaan; en die haan het gekraai.	14:68 But he denied, saying, I know not, neither understand I what thou sayest. And he went out into the porch; and the cock crew.
14:69En toe die diensmeisie hom weer sien, begin sy aan die wat daar staan, te sê: Hierdie man behoort by hulle.	14:69 And a maid saw him again, and began to say to them that stood by, This is one of them.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>14:70 Maar hy het dit weer ontken. En 'n bietjie later weer sê die wat daar staan vir Petrus: Waarlik, jy behoort by hulle, want jy is ook 'n Galiléër en jou spraak is net so.</p>	<p>14:70 And he denied it again. And a little after, they that stood by said again to Peter, Surely thou art one of them: for thou art a Galilaeen, and thy speech agreeth thereto.</p>
<p>14:71 Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken nie daardie man van wie julle praat nie.</p>	<p>14:71 But he began to curse and to swear, saying, I know not this man of whom ye speak.</p>
<p>14:72 En vir die tweede keer het die haan gekraai; en Petrus het die woord onthou wat Jesus vir hom gesê het: Voor die haan twee maal gekraai het, sal jy My drie maal verloën. En hy het in trane uitgebars.</p>	<p>14:72 And the second time the cock crew. And Peter called to mind the word that Jesus said unto him, Before the cock crow twice, thou shalt deny me thrice. And when he thought thereon, he wept.</p>
<p>Markus 15</p>	<p>Mark 15</p>
<p>15:1 En dadelik, vroeg in die môre, het die owerpriesters saam met die ouderlinge en skrifgeleerdes en die hele Raad 'n besluit geneem; en nadat hulle Jesus geboei het, het hulle Hom weggelei en aan Pilatus oorgelewer.</p>	<p>15:1 And straightway in the morning the chief priests held a consultation with the elders and scribes and the whole council, and bound Jesus, and carried him away, and delivered him to Pilate.</p>
<p>15:2 En Pilatus het Hom gevra: Is U die Koning van die Jode? En Hy het geantwoord en vir hom gesê: U sê dit.</p>	<p>15:2 And Pilate asked him, Art thou the King of the Jews? And he answering said unto them, Thou sayest it.</p>
<p>15:3 En die owerpriesters het baie beskuldiging teen Hom ingebring.</p>	<p>15:3 And the chief priests accused him of many things: but he answered nothing.</p>
<p>15:4 En Pilatus het Hom weer gevra en gesê: Antwoord U niks nie? Kyk hoe baie getuienisse hulle teen U inbring.</p>	<p>15:4 And Pilate asked him again, saying, Answerest thou nothing? behold how many things they witness against thee.</p>
<p>15:5 Maar Jesus het niks meer geantwoord nie, sodat Pilatus hom verwonder het.</p>	<p>15:5 But Jesus yet answered nothing; so that Pilate marvelled.</p>
<p>15:6 En op die fees was hy gewoon om een gevangene, die een wat hulle gevra het, vir hulle los te laat.</p>	<p>15:6 Now at that feast he released unto them one prisoner, whomsoever they desired.</p>
<p>15:7 En daar was 'n sekere Barábbas wat met mede-oproermakers in die gevangenis was; en hulle het in die opstand 'n moord begaan.</p>	<p>15:7 And there was one named Barabbas, which lay bound with them that had made insurrection with him, who had committed murder in the insurrection.</p>
<p>15:8 En die skare het geskreeu en begin vra dat hy vir hulle sou doen soos altyd.</p>	<p>15:8 And the multitude crying aloud began to desire him to do as he had ever done unto them.</p>
<p>15:9 Toe antwoord Pilatus en sê vir hulle: Wil julle hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?</p>	<p>15:9 But Pilate answered them, saying, Will ye that I release unto you the King of the Jews?</p>
<p>15:10 Want hy het geweet dat die owerpriesters Hom uit nydigheid oorgelewer het.</p>	<p>15:10 For he knew that the chief priests had delivered him for envy.</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
15:11 Maar die owerpriesters het die skare aangehits dat hy liewer Barábbas vir hulle moes loslaat.	15:11 But the chief priests moved the people, that he should rather release Barabbas unto them.
15:12 Toe antwoord Pilatus weer en sê vir hulle: Wat wil julle dan hê moet ek doen met Hom wat julle Koning van die Jode noem?	15:12 And Pilate answered and said again unto them, What will ye then that I shall do unto him whom ye call the King of the Jews?
15:13 En hulle skreeu weer: Kruisig Hom!	15:13 And they cried out again, Crucify him.
15:14 Maar Pilatus sê vir hulle: Watter kwaad het Hy dan gedoen? Hulle skreeu toe nog harder: Kruisig Hom!	15:14 Then Pilate said unto them, Why, what evil hath he done? And they cried out the more exceedingly, Crucify him.
15:15 En omdat Pilatus aan die skare hulle sin wou gee, het hy Barábbas vir hulle losgelaat; en nadat hy Jesus laat gésel het, het hy Hom oorgelewer om gekruisig te word.	15:15 And so Pilate, willing to content the people, released Barabbas unto them, and delivered Jesus, when he had scourged him, to be crucified.
15:16 Toe lei die soldate Hom weg in die binneplaas, dit is die goewerneur se paleis, en hulle roep die hele leërafdeling bymekaar	15:16 And the soldiers led him away into the hall, called Praetorium; and they call together the whole band.
15:17 en trek Hom 'n purperkleed aan en vleg 'n kroon van dorings en sit dit vir Hom op;	15:17 And they clothed him with purple, and platted a crown of thorns, and put it about his head,
15:18 en hulle begin Hom begroet: Wees gegroet, Koning van die Jode!	15:18 And began to salute him, Hail, King of the Jews!
15:19 En hulle slaan Hom met 'n riet op die hoof en spuug op Hom en val op die knieë en bring Hom hulde.	15:19 And they smote him on the head with a reed, and did spit upon him, and bowing their knees worshipped him.
15:20 En toe hulle Hom bespot het, trek hulle Hom die purperkleed uit en trek Hom sy eie klere aan; en hulle lei Hom weg om Hom te kruisig.	15:20 And when they had mocked him, they took off the purple from him, and put his own clothes on him, and led him out to crucify him.
15:21 En hulle het 'n sekere Simon van Ciréne wat van die veld af gekom het, die vader van Alexander en Rufus, gedwing om sy kruis te dra.	15:21 And they compel one Simon a Cyrenian, who passed by, coming out of the country, the father of Alexander and Rufus, to bear his cross.
15:22 En hulle het Hom gebring op die plek Gólgota, dit is, as dit vertaal word: Plek van die Hoofskedel.	15:22 And they bring him unto the place Golgotha, which is, being interpreted, The place of a skull.
15:23 Toe gee hulle Hom wyn met mirre gemeng om te drink, maar Hy het dit nie geneem nie.	15:23 And they gave him to drink wine mingled with myrrh: but he received it not.
15:24 En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp oor wat elkeen moes kry.	15:24 And when they had crucified him, they parted his garments, casting lots upon them, what every man should take.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
15:25 En dit was die derde uur toe hulle Hom gekruisig het.	15:25 And it was the third hour, and they crucified him.
15:26 En die opskrif van sy beskuldiging was bokant Hom geskrywe: DIE KONING VAN DIE JODE.	15:26 And the superscription of his accusation was written over, The King Of The Jews.
15:27 Hulle het ook twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan sy regter— en een aan sy linkerkant.	15:27 And with him they crucify two thieves; the one on his right hand, and the other on his left.
15:28 En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken.	15:28 And the scripture was fulfilled, which saith, And he was numbered with the transgressors.
15:29 En die verbygangers het Hom gesmaad, terwyl hulle hul hoof skud en sê: Ha, U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou,	15:29 And they that passed by railed on him, wagging their heads, and saying, Ah, thou that destroyest the temple, and buildest it in three days,
15:30 verlos Uself en kom af van die kruis!	15:30 Save thyself, and come down from the cross.
15:31 En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes gespot en vir mekaar gesê: Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie.	15:31 Likewise also the chief priests mocking said among themselves with the scribes, He saved others; himself he cannot save.
15:32 Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo! Ook die wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig.	15:32 Let Christ the King of Israel descend now from the cross, that we may see and believe. And they that were crucified with him reviled him.
15:33 En toe dit die sesde uur was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe.	15:33 And when the sixth hour was come, there was darkness over the whole land until the ninth hour.
15:34 En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Eloï, Eloï, lamma sabagtáni? wat, as dit vertaal word, beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?	15:34 And at the ninth hour Jesus cried with a loud voice, saying, Eloi, Eloi, lama sabachthani? which is, being interpreted, My God, my God, why hast thou forsaken me?
15:35 En sommige van die wat daar staan, hoor dit en sê: Kyk, Hy roep na Elía.	15:35 And some of them that stood by, when they heard it, said, Behold, he calleth Elias.
15:36 Toe hardloop een en maak 'n spons vol asyn en sit dit op 'n riet en laat Hom drink; en hy sê: Wag, laat ons sien of Elía kom om Hom af te haal.	15:36 And one ran and filled a sponge full of vinegar, and put it on a reed, and gave him to drink, saying, Let alone; let us see whether Elias will come to take him down.
15:37 Maar Jesus het met 'n groot stem geroep en die laaste asem uitgeblaas.	15:37 And Jesus cried with a loud voice, and gave up the ghost.
15:38 En die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur van bo tot onder.	15:38 And the veil of the temple was rent in twain from the top to the bottom.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
<p>15:39 En toe die hoofman oor honderd wat daar reg voor Hom staan, sien dat Hy so uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas het, sê hy: Waarlik, Hy was die Seun van God.</p>	<p>15:39 And when the centurion, which stood over against him, saw that he so cried out, and gave up the ghost, he said, Truly this man was the Son of God.</p>
<p>15:40 En daar was ook vroue wat van ver af dit aanskou het. Onder hulle was Maria Magdaléna ook, en Maria, die moeder van Jakobus, die kleine, en van Joses, en Salóme—</p>	<p>15:40 There were also women looking on afar off: among whom was Mary Magdalene, and Mary the mother of James the less and of Joses, and Salome;</p>
<p>15:41 hulle wat Hom gevolg en Hom gedien het toe Hy in Galiléa was—en baie ander vroue wat saam met Hom opgegaan het na Jerusalem.</p>	<p>15:41 (Who also, when he was in Galilee, followed him, and ministered unto him;) and many other women which came up with him unto Jerusalem.</p>
<p>15:42 En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat,</p>	<p>15:42 And now when the even was come, because it was the preparation, that is, the day before the sabbath,</p>
<p>15:43 kom daar 'n verneme raadslid, Josef van Arimathéa, wat self ook die koninkryk van God verwag het; en hy waag dit om na Pilatus in te gaan en die liggaam van Jesus te vra.</p>	<p>15:43 Joseph of Arimathaea, an honourable counsellor, which also waited for the kingdom of God, came, and went in boldly unto Pilate, and craved the body of Jesus.</p>
<p>15:44 En Pilatus was verwonderd dat Hy al dood was, en hy het die hoofman oor honderd geroep en hom gevra of Hy al lank dood was.</p>	<p>15:44 And Pilate marvelled if he were already dead: and calling unto him the centurion, he asked him whether he had been any while dead.</p>
<p>15:45 En toe hy dit van die hoofman oor honderd verneem het, het hy die liggaam aan Josef geskenk.</p>	<p>15:45 And when he knew it of the centurion, he gave the body to Joseph.</p>
<p>15:46 En hy het linne gekoop, en Hom afgehaal en in die linne toegedraai, en Hom neergelê in 'n graf wat in 'n rots uitgekap was. En hy het 'n steen teen die opening van die graf gerol.</p>	<p>15:46 And he bought fine linen, and took him down, and wrapped him in the linen, and laid him in a sepulchre which was hewn out of a rock, and rolled a stone unto the door of the sepulchre.</p>
<p>15:47 En Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Joses, het gesien waar Hy neergelê word.</p>	<p>15:47 And Mary Magdalene and Mary the mother of Joses beheld where he was laid.</p>
<p>Markus 16</p>	<p>Mark 16</p>
<p>16:1 En toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan self.</p>	<p>16:1 And when the sabbath was past, Mary Magdalene, and Mary the mother of James, and Salome, had bought sweet spices, that they might come and anoint him.</p>
<p>16:2 En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf.</p>	<p>16:2 And very early in the morning the first day of the week, they came unto the sepulchre at the rising of the sun.</p>
<p>16:3 En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol?</p>	<p>16:3 And they said among themselves, Who shall roll us away the stone from the door of the sepulchre?</p>

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
16:4 En toe hulle opkyk, sien hulle dat die steen weggerol was, want dit was baie groot.	16:4 And when they looked, they saw that the stone was rolled away: for it was very great.
16:5 En toe hulle in die graf ingegaan het, sien hulle 'n jongman, met 'n lang wit kleed om, aan die regterkant sit, en hulle het baie geskrik.	16:5 And entering into the sepulchre, they saw a young man sitting on the right side, clothed in a long white garment; and they were affrighted.
16:6 En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.	16:6 And he saith unto them, Be not affrighted: Ye seek Jesus of Nazareth, which was crucified: he is risen; he is not here: behold the place where they laid him.
16:7 Maar gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.	16:7 But go your way, tell his disciples and Peter that he goeth before you into Galilee: there shall ye see him, as he said unto you.
16:8 Toe gaan hulle haastig uit en vlug van die graf af weg. En bewing en ontsetting het hulle aangegryp. En hulle het vir niemand iets gesê nie, want hulle het gevrees.	16:8 And they went out quickly, and fled from the sepulchre; for they trembled and were amazed: neither said they any thing to any man; for they were afraid.
16:9 En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het.	16:9 Now when Jesus was risen early the first day of the week, he appeared first to Mary Magdalene, out of whom he had cast seven devils.
16:10 Sy het gegaan en dit vertel aan die wat saam met Hom gewees het, terwyl hulle treur en ween.	16:10 And she went and told them that had been with him, as they mourned and wept.
16:11 En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, het hulle dit nie geglo nie.	16:11 And they, when they had heard that he was alive, and had been seen of her, believed not.
16:12 En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld.	16:12 After that he appeared in another form unto two of them, as they walked, and went into the country.
16:13 Hulle het ook gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie.	16:13 And they went and told it unto the residue: neither believed they them.
16:14 Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyte, omdat hulle die wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.	16:14 Afterward he appeared unto the eleven as they sat at meat, and upbraided them with their unbelief and hardness of heart, because they believed not them which had seen him after he was risen.
16:15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.	16:15 And he said unto them, Go ye into all the world, and preach the gospel to every creature.
16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.	16:16 He that believeth and is baptized shall be saved; but he that believeth not shall be damned.

AFRIKAANS	NEW INTERNATIONAL VERSION
16:17En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,	16:17 And these signs shall follow them that believe; In my name shall they cast out devils; they shall speak with new tongues;
16:18slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.	16:18 They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; they shall lay hands on the sick, and they shall recover.
16:19Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.	16:19 So then after the Lord had spoken unto them, he was received up into heaven, and sat on the right hand of God.
16:20Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen.	16:20 And they went forth, and preached every where, the Lord working with them, and confirming the word with signs following. Amen.